

SENWES SCENARIO

GRATIS

KLANTETYDSKRIF VIR PRODUSENTE

HERFS 2019



FOKUS OP OESTYD

08 NAMPO 2019 14 - 17 MEI **12** INNOVASIE: VOEDSELNASPEURBAARHEID
REGDEUR DIE WAARDEKETTING **22** OORWINTERING SE
UITDAGINGS

26 HITTESPANNING EN
VLEISBEESPRODUKSIE **32** PRODUSENTFOKUS:
EDZARD BIERMANN **38** AREAFOKUS:
STANDERTON

Senwes S

Uitsonderlike aanbiedinge



BACKHOE LOADER 3CX & 3DX

- ◆ Tot so laag as PRIMA -9% gekoppel
- ◆ Maandelikse / jaarlikse paaielemente beskikbaar



BACKHOE LOADER 2DX

- ◆ Tot so laag as PRIMA -2.5% gekoppel
- ◆ Maandelikse / jaarlikse paaielemente beskikbaar

TELEHANDLERS

- ◆ Tot so laag as PRIMA -3.5% gekoppel
- ◆ Maandelikse / jaarlikse paaielemente beskikbaar



Geldig tot 30 April 2019

TERME EN VOORWAARDES GELDIG

NAVRAE:

Antoon Smalberger (082 806 4844)
Phillip Nel (083 451 3947)

Vir enige navrae, kontak asseblief u naaste Senwes Equipment heelgoederebemarker vir meer inligting of 'n demonstrasie.



REDAKSIE

Hoofredakteur: Marlon Abrahams

Tel: 018 464 7349

marlon.abrahams@senwes.co.za

Redakteur: Aubrey Kruger

Tel: 018 464 7449

aubrey.kruger@senwes.co.za

Advertensies: Mariëtte Hugo

Tel: 018 464 7505

mariette.hugo@senwes.co.za

Ontwerp en uitleg: Pieter Swanepoel en

Mercia Venter

pieter.swanepoel@senwes.co.za

mercia.venter@senwes.co.za

Medewerkers: ds Willie Botha, Ian Bothma, dr Cobus Burger, Frans Dreyer, Johan Le Grange, Kefiloe Manthata, Emmie Pietersen, Jacques Pretorius, Jan Serfontein, Mbali Skosana, Hansie Swanepoel, dr Kobus Swart, Petrus van Staden, Martin van Zyl, Boet van Zyl, dr. Timothy Jenkins en Milanie Vosloo.

Subskripsie: Marie Erasmus

Tel: 018 464 7568

Faks: 018 464 7772

marie.erasmus@senwes.co.za

Eienaar: Senwes,

Posbus 31, Klerksdorp, 2570

Tel: 018 464 7800

Drukwerk: Typo

Tel: 011 402 3468



- Alle regte van die inhoud van Senwes Scenario word voorbehoud ingevolge die bepaling van Artikel 12 (7) van die Wet op Outeursreg.
- Die eienaar en uitgewer aanvaar nie aanspreeklikheid vir enige uittalings in advertensies, promosie-artikels of deur medewerkers nie.

<http://fwd2.co/ScenarioApple>



<http://fwd2.co/ScenarioGoogle>



Lees die **Senwes Scenario** aanlyn in Afrikaans en Engels by www.scenario.co.za of laai die **Scenario** toepassing af. 'Like' ons Facebook-blad by [facebook.com/ReadScenario](https://www.facebook.com/ReadScenario) en volg ons op Twitter by [@ReadScenario](https://twitter.com/ReadScenario)

Inhoud



Tema:
Oestyd



Vir die boere
bl. 4



Senwes by
NAMPO bl. 8

VOORBLAD

In hierdie uitgawe fokus ons op oestyd en dis natuurlik Nampoty. Senwes en Hinterland gaan weer by die 2019 Nampo Oesdag wees. Ons was oor die afgelope tyd druk besig met die verfilming van die volgende Nasie in Gesprek-reeks. Indien jy Nampo gaan besoek en 'n insetstel of twee gaan bywoon, sal jy ook vir aanbieder Theo Vorster daar sien. In hierdie uitgawe fokus ons ook op Standerton, met produsent Edzard Biemann in ons visier.

Bl. 8, 32, 38.

■ ALGEMEEN

- 02 Redakteursbrief: Mahlogonolo a letsatsi la matshalo Senwes
- 03 Oraloor gehoor
- 03 Het jy geweet? Interessante Herfs Feite
- 03 Spotprent: Pieter & Tshepo

■ ARTIKELS

- 12 Innovasie: Oestyd - Is Metingstyd - Voedselinaspeurbaarheid regdeur die waardeketting
- 32 Produsentfokus: Edzard Biemann
- 36 Landboukrediet: 'n Paar feite uit die verlede
- 38 Areafokus: Standerton stel die standard
- 40 Areafokus: Standerton personeel
- 54 Jag: Gister se oomblik
- 56 Digitaal: Dis tyd vir digitale huishouding
- 58 Menslike hulpbronne: Ontwikkel potensiaal...oes uitnemendheid!

■ NUUS

- 04 Senwes se Vir die Boere 'n treffer!
- 08 Senwes weer deel van Nampo Oesdag
- 14 Senwes verwelkom Staalmeester tot die familie
- 16 Silo's - 'n kort geskiedenis
- 18 Silobouprogramme deur die jare
- 42 Militêre presiesiegogga by Grainovation
- 44 13 jaar van die "spel van here"
- 46 Senwes nou in die Oos-Kaap!
- 50 Dipsie is nou die vertoonvenster van hierdie stoettery

Hittespanning bl. 26



- 59 Toer verander leerders se perspektief oor die landboubedryf
- 60 Koffie: Senwes ondersteun plaaslike besigheid
- 66 Thobo Trust loods groentetuinprojek by Itokisetseng skool

■ LANDBOUKUNDIG

- 10 Wenke vir Herfs en Vroeë Winter
- 20 Herfs, Oestyd en Nampo
- 22 Oorwintering: Waar lê die uitdagings?
- 26 Hittespanning en vleisbeesproduksie
- 29 Die mikotoksienrisiko in ru-voer en kuilvoer

■ FINANSIEEL

- 64 Senwes Graanmakelaars: El Niño-jare: Wat het gebeur in die verlede?
- 68 Graanmarkvooruitsigte: Herfs 2019

■ RUBRIEKE

- 02 Uit die woord: Dra jy vye?
- 72 Kos vir die Siel: Milanie Vosloo - Jy's sterker as wat jy dink! Verál wanneer jy swak voel!

■ LEEFSTYL

- 62 In die kombuis: Klapper/Sjokolade/Koffiekoek
- 71 Tuinrubriek: Maak gereed, die winter is hier!
- 72 Wen 'n kopie van Hoop wat kaalvoet loop



Redakteursbrief



Mahlogonolo a letsatsi la matshalo Senwes

Gelukkige verjaarsdag, happy birthday oftewel mahlogonolo a letsatsi la matshalo Senwes. In kort beteken dit 'veels geluk Senwes'. Ons produsente in Suid-Afrika is bekend met die verskillende maniere om iemand geluk te wens. Maar maak nie saak hoe jy dit sê nie, Senwes word 110 jaar oud op 15 Mei 2019.

So gepraat van 15 Mei. Het jy geweet dat die Department van Landbou in die Verenigde State juis op die eerste dag in 1862 gestig is. Ander landbounuus is dat amper 400 jaar gelede, in 1625, is 16 rebelleprodusente in Vocklamarkt in Oostenryk vermoor.

So bietjie meer oor die dag. Senwes deel ook die dag met wêreldbekende oudbokser, Rocky Marciano, wat op 15 Mei 1953 met Jersey Joe Walcott klaargespeel het. Een van die heel beste sagtebalspelers is Joe DiMaggio en hy het ook op dié betrokke dag in 1936 sy 56ste agtereenvolgende wedstryd met ten minste een 'home run' gewen. Ander nuus is dat Napoleon in Milaan geland het in 1796 en Amy Johnson het op die dag in 1936 vanaf Suid-Afrika na Croydon in Engeland gevlieg, en die afstand in 'n rekordtyd van 4 dae en 16 uur afgelê.

Vanjaar is dit ook Nampotyd rondom Senwes se verjaarsdag, wat vanjaar op 14 Mei open en tot en met 17 Mei duur.

Geniet die volgende tyd, want dis oestyd! It's harvest time, of jy kan dit in enige van die 11 nasionale tale sê, soos byvoorbeeld Setswana, Nako ya puno e atumetse!



Aubrey Kruger
REDAKTEUR

Uit die Woord

Ds. Willie Botha



Dra jy vye?

Lees: Lukas 13:6-9

DIE VYEBOOM IS dikwels as 'n simbool van seëning in die geskiedenis van Israel beskou. Deuteronomium 8 erken die vyeboom as deel van God se seëninge en die aantreklikheid van die Beloofde Land. Ook in die Tuin van Eden word die vyeboom pertinent genoem. Vir 'n Israeliet was dit 'n hoogtepunt indien hy onder sy eie wingerdstok of vyeboom kon sit. Dit was simbolies van voorspoed, vrede en geluk.

Dit het gewoonlik vir 'n vyeboom drie jaar geneem om sy eerste vrugte te dra. Maar die wet in Levitikus 19 het bepaal dat vir die eerste drie jaar van vrugdra, die vrugte nie geëet mag word nie. In hierdie gelykenis was die boom dus 6 of 9 jaar oud. Hierdie boom, wat op die piek van sy produksieleeftyd was, kon 3 dragte vye in een seisoen lewer.

Die eienaar van die wingerd kom en soek vye aan die boom. Aangesien hy na 3 jaar steeds niks aan die boom vind nie, beveel Hy dat die boom uitgekap moet word. In plaas van vrugte te dra, put dit die grond uit en verhoed dit dat 'n ander vrugbare boom aan sy doel kan beantwoord.

Die landheer is niemand anders as God nie, terwyl die boom die Joodse volk wil uitbeeld. Jesus is waarskynlik self die tuinier. Vir drie jaar het Jesus die mense geleer en tog het die Jode Hom nie geglo nie. God het na hulle toe gekom, Hy het hulle kom soek, maar Hy het nie 'n volk gevind wat volgens Sy weg wandel nie.

Nadat die oordeel oor die boom gefel is, kom die Tuinier met 'n versoek. "Gee die boom nog 'n kans, ek sal hom bemes en die grond rondom die boom omspit. Dalk dra die boom volgende jaar tog vrugte. As die boom egter nie op die bewerking reageer nie, kan U hom uitkap."

Die verhaal wil die genadetyd wat God gee, beklemtoon en dit is op die hele mensdom van toepassing. Net soos 'n somer stadig maar seker verbygaan, is God se genade ook nie vir altyd nie. Daar kom 'n tyd wanneer die boom moet vrugte dra en aan sy roeping moet voldoen. Party vyebome dra reeds van jongs af vrug, terwyl ander met laatvrugte begin. Jesus doen soveel moeite met ons elkeen se boom. Deur Sy Gees doen Hy omspitwerk en gee bemesting, sodat ons aan ons uiteindelijke doel op aarde kan voldoen, naamlik om vrug te dra in God se wingerd. Hy tree vir ons in sodat die oordeel wat God in sy geregtigheid oor ons uitgespreek het, nie voltrek word nie. Wat sal Jesus aan jou vyeboom kry? Maar let wel: Die somer se einde is op hande.



Pieter & Tshepo



HET JY GEWEET?

Interessante herfs feite



Die Monargylinders vlieg suid van Amerika in die herfs na die relatiewe warmte van Meksiko en dele van Kalifornië.

Met 'n spoed van tussen 19 en 40 kilometer per uur, is dit die enigste insek wat 4 000 km migreer vir mooier weer.

Tot ongeveer 1500 is die herfs net "oes" genoem. Die volle maanklooster tot die herfs equinox staan bekend as 'n oesmaan.

Voordat stede geëlektrifiseer is, was die blink nag van die oesmaan noodsaaklik vir boere wat hul laat-jaar-gewasse oes.

Bron: <https://www.rd.com/culture/autumn-facts-fall-facts/>

ZIMBABWIËR SARAH SAVORY

Dogter van ekoloog en voorstaander van holistiese bestuur, Allan Savory.

Met betrekking tot regeneratiewe en volhoubare landbou- en holistiese bestuur.

"Ons kan nie ons probleme isoleer en suksesvol bestuur nie omdat individuele dele nie in die natuur bestaan nie, slegs volledige dele vorm mekaar."



TITO MBOWENI

Minister van Finansies.

Tydens sy 2019 begrotingsrede waar hy onder andere Sagaria 8 vers 12 aangehaal het.

"As 'n deelydse boer weet ek dat vir ons om oor al hierdie dinge te beskik, moete ons nuut plant."

CYRIL RAMAPHOSA

President van die Republiek van Suid-Afrika

Oor positiwiteit tydens sy Staatsrede.

"Optimisme sal ons vorentoe dra om 'n nuwe toekoms tegemoet te gaan."

DR. REQUIER WAIT

Agri SA Hoof van die Sentrum van Uitnemendheid: Ekonomie en Handel.

Agri SA is teleurgesteld in die Minister van Finansies, Tito Mboweni, se eerste begrotingsrede. Minister Mboweni se begrotingsrede van 2019 het na landbou deur middel van metafore verwys, soos "dit is tyd vir ons om die saad van hernuwing en groei te saai". Ongelukkig het landbou, buiten vir die verwysings na grondhervorming, betreklik beperkte aandag in die toespraak geniet.

"Geen melding is van die voortslepende droogte en die verwoestende impak wat dit op boere en boerderygemeenskappe het, gemaak nie."

"'n Knippie skepping, 'n bietjie groei, 'n handvol grond, 'n hart vol mededeelsaamheid, 'n eetlepel vol wysheid, 'n teepel vol omgee, 'n emmer vol sorg, 'n koppie vol laggies, 'n pot vol kruie en die soen van 'n kalfie."

– ONBEKEND Resep vir 'n plaasmeisie –

Senwes se Vir die Boere 'n treffer!

Op 1 Februarie 2019 het Senwes gehoor gegee aan Agri SA se oproep om “die boere se probleme weg te braai” deur 'n sosiale media oproep om aksie wat braais deur maatskappypersoneel op die maatskappy se perseel tot gevolg gehad het.

■ **Deur Marlon Abrahams**
Senwes Scenario Hoofredakteur

Die idee was om die boere te ondersteun deur die oorvoorsiening van rooivleis op te braai. Die oorvoorsiening was die gevolg van die droogte en die uitbraak van Bek-en-Klouseer in sekere dele van die land. Senwes Groep HUB, Francois Strydom, het gesê “as elkeen net 1kg meer vleis as gewoonlik koop, kan ons die surplus uitwis.”

Francois het ook 'n uitdaging gerig aan alle SA maatskappye om dieselfde te doen. Die veldtog was baie suksesvol en meer as 200 000 mense is deur sosiale media bereik en verskeie media-onderhoude is gevoer. Die sukses van die aanvanklike veldtog het daartoe aanleiding gegee dat Senwes die aksie uitgebrei het om op alle plaaslik vervaardigde kommoditeite te fokus om steun te werf vir alle boere. Die uitbreiding van die veldtog het op Vrydag, 1 Maart 2019 afgeskop met die hutsmerke #eatlocalchicken #eetplaaslikehoender en Senwes personeel het selfies en groepfoto's van hulself op sosiale media geplaas waar hulle hoender of hoenderprodukte geniet. Die idee was om ons plaaslike hoenderboere, wat onder geweldige druk is weens invoere, te ondersteun.

“Ons gaan 'n kommoditeitswyse fokus vir die res van die jaar hê, wat elke plaaslik geproduseerde kommoditeit in die Senwes bedieningsgebied sal insluit, soos

beesvleis, hoender, skaap, vark, mielies (menslike en dierlike verbruik), melk, soja, koring, aartappels, neute en groente,” sê Francois. Die sosiale media veldtog is 'n prettige manier om die baie ernstige rol wat die boer in die lewens van alle Suid-Afrikaners speel, en die Suid-Afrikaanse

ekonomie in geheel, in die kollig te plaas.

“Die landbousektor speel 'n uiters belangrike rol in werkverskaffing in elke deel van die waardeketting, vanaf die plaas tot die tafel, en het 'n reuse impak op die fiskaal.

► 05



Senwes personeel neem deel aan "braai vir die Boere".

Senwes vier 110 jaar

1909 - 2019

110



Breek steeds nuwe grond



Vier saam met ons **110 jaar** se agri-ondervinding. Senwes help bou al langer as 'n eeu aan die land se voedselwaardeketting. Ons is jou volkome eenstop landboubesigheid en met 'n geïntegreerde besigheidsbenadering raak ons deel van jou besigheidsoplossings.

Senwes 



www.senwes.co.za



◀ 04 | Senwes "Vir die Boere"

Landbou is die hoeksteen van enige suksesvolle ekonomie, ongeag die land waarvan ons praat.

"Ons moet die belangrikheid van die produksie en aankoop van plaaslik geproduseerde goedere in plaas van die aankoop van ingevoerde goedere beklemtoon. Suid-Afrikaners moet verstaan dat die koop en produksie van plaaslike goedere 'n baie groot impak het in terme van werkskepping, werksekuriteit en -volhoubaarheid.

"Politici gaan nie die veranderinge maak wat ons nodig het nie - ons, gewone Suid-Afrikers, sal en dit begin met bewusmakingsveldtogte soos dié.


"Ek wil graag almal bedank wat op ons aanvanklike veldtog, #braai4farmers, gereageer het en doen 'n beroep op alle Suid-Afrikaers om die uitbreiding van hierdie veldtog te ondersteun. Hou die Senwes sosiale media platforms dop vir verdere dekking van ons inisiatief", het Francois mee afgesluit.

As jy graag 'n kans wil staan om jouself in die volgende Senwes Scenario te sien, neem dan 'n selfie waar jy een van die gemelde kommoditeite geniet en stuur dit, sowel as jou naam en gebied, na 076 1424 008. Kom ons doen dit vir die boere! **S**



*Senwes staff #eetplaaslikehoender
#eatlocalchicken*

Quality Poultry Feeders



See our wide range of products at www.poltek.co.za



POLTEK
LEADERS IN PLASTIC POULTRY TECHNOLOGY

Tel: 0861 POLTEK (765835), 011 865 2038/9 | Fax: 011 865 1722 | e-mail: quotes@poltek.co.za | e-mail: sales@poltek.co.za
POLTEK®/Custom Moulders® and the POLTEK® logo are all registered trademarks of Custom Moulders®. E&OE

FW20773/QF



“Ons wens Senwes geluk met julle 110-jaar reis in landbou en ons sien uit na nog baie meer jare saam met julle.”



JOHN DEERE



**JOHN DEERE
FINANCIAL**

SENWES WEER DEEL VAN NAMPO OESDAG

Die langverwagte Nampo Oesdag vind vanjaar plaas vanaf 14 - 17 Mei by Nampo Park naby Bothaville en, soos op dag een van die gebeurtenis, 53 jaar gelede, sal Senwes deel wees van die aksie. Graan SA, organiseerder van dié groot gebeurtenis op die land se landboukalender, hoop om verlede jaar se rekordbywoningsyfer van 82 817 te verbeter!

■ Deur Senwes Scenario Span

Senwes Grainlink sal die Senwes groep se vlag laat wapper by hul stalletjie, wat verlede jaar 'n silwer toekenning ontvang het vir innoverende en unieke uitleg. Besoekers kan weer uitsien daarna om kundige advies te ontvang oor die verkryging, hantering en opberging van graan. Maak seker jy besoek die stalletjie sodat jy op niks uitmis nie.

Die Nampo Oesdag administratiewe bestuurder, Wim Venter, sê dat hulle vir sowat 770 uitstallers voorberei. "Ons hoop vir goeie weer en dat al ons uitstallers goeie verkope sal ervaar gedurende die 4 dae." Besoekers kan uitsien na 'n paar nuwe byvoegings die jaar, soos 'n nuwe hek 4 by die noordelike parkeerarea naby

die Santam Agri Saal, die installering van nuwe draaihekke, 'n nuwe JCB gebou op die perseel, sowel as die opgraderings tot die John Deere uitstalgebied.

NASIE IN GESPREK

Die Senwes-geïnisieerde landbougespreksprogram, Nasie in Gesprek, sal weer lewendig uitgesaai word vanaf die Nampo Oesdag met minstens twee uitsendings per dag oor die 4-dag periode. Die program, wat uiters gewild is onder mediavennote soos Mail and Guardian, News24, eNCA, RSG, 702 Talk Radio, City Press en Business Day, sowel as die tradisionele landbouers, sal weereens fokus op aktuele sake soos transformasie, gemeenskaplike grond, landbou na die verkiesing, die agteruitgang van die platteland, suksesvolle finansiële modelle in onstabiele tye en die toekoms

van landbou. Soos in die verlede sal die gesprekspaneel landbou se vernaamste denkleiers oor die onderskeie onderwerpe as gaste hê. Vir die volledige onderwerpskedule, gespreksleiers en paneellede, besoek asseblief www.nasieingesprek.co.za.

KLEINHANDEL

Senwes se kleinhandelsvennoot, Hinterland, sal sy baie gewilde winkel op die perseel beskikbaar stel en sal buitelewe- en kampeerprodukte sowel as wapens en ammunisie verkoop, om maar net enkele produkte te noem. Maak seker dat jy met die Hinterland spesialiste op die gebied van diere-, besproeiings- en brandstofoplossings gesels.

Senwes sien uit daarna om jou by Nampo Oesdag 2019 te sien! 📺





Wenke vir Herfs en Vroeë Winter

Die laat reëns dié seisoen, met gepaardgaande laat aanplantings, gaan 'n laat oes tot gevolg hê. Die eerste ryp, wat gewoonlik vanaf 5 April begin voorkom, kon reeds plek-plek voorgekom het.

■ **Deur Petrus van Staden**
Senwes Senior Agronoom en
Boet van Zyl
Senwes Senior Landboukundige
Ekonoom

KORING

Die reën vir someraanplantings het relatief laat gekom en sekere distrikte kon nie somergewasse plant nie. Die goeie reënneerslae wat redelik wydverspreid vanaf middel Januarie voorgekom het, het die grondwater in sommige dele sodanig verbeter dat die grondprofiel vol water is. Al hierdie faktore maak dat produsente weer deur 'n ander bril na koring kyk vir die winter.

Indien eie saad vir koringaanplantings teruggehou word, is dit belangrik om ekstra aandag te gee aan faktore wat 'n goeie stand verseker. Die saad moet gesif word, gevolg deur 'n swamdoder saad-behandeling. Neem die voorafgaande bewerking en bestuursprogram met naverwerkingsperiodes in ag. Die plantertegnologie moet optimaal wees.

DEKGEWASSE

Indien dit moontlik was om laat mielies of sonneblom te plant, behoort die normale hoeveelheid plantreste as beskerming teen winderosie beskikbaar te wees.

Indien nie, sal die aanplant van koring vir kontant- en/of dekgewasse vir voer en winderosie, sterk aanbeveel word. Die tegnologie beskikbaar het 'n hele reeks van gewasse, kultivars en mengsels beskikbaar wat vir 'n spesifieke doel aangewend kan word byvoorbeeld:

- Om waaiskade te keer – kies 'n kultivar wat vinnig- en regopgroeiend is. Dit behoort op ongeveer 50 cm hoogte doodgespuit te word.
- As bron van wintervoeding vir bees of skaap. Met korrekte bestuur kan genoeg materiaal gelaat word om waaiskade te keer.
- In 'n rotasiesistelsel kan dit baie goed by bewaringsboerdery inskakel. Die langtermynvoordele op grondgesondheid behoort benut te word. Dit het 'n regeneratiewe gevolg in die grond wat fisiologiese stremming as gevolg van klimaatswisseling potensieel kan buifer.

VEE

Die relatiewe laat reën kan tot gevolg hê dat selfs sommige ekstensiewe veeboere 'n moeilike winter op hande het, en moet op die volgende gelet word.

- Voorsien 'n goeie proteïenlek sodra die eerste ryp voorkom.
- Waterkrippe moet altyd skoon wees, veral waar oesreste benut word. Die

graan in die water veroorsaak 'n gistingsproses wat die water onsmaklik maak.

- Indien winterweiding volumegegewys 'n probleem is, raak betyds ontslae van ou en surplus vee. 'n Paar rand minder nou is meer werd as 'n vel in September/Oktobers. Kry kontantvloei reg en sorg vir die kernkudde.
- Verkoop al die jong groeiende diere indien daar alreeds 'n voerprobleem is en geen voerreserwes vir die winter bestaan nie.
- Indien oesreste bewei word, gebruik die stiller tyd om die omheinings en watervoorsieningspunte op te knap.

VIR DIE MIELIEBOER MET 'N VEEVERTAKKING:

Die seisoen is gekenmerk deur laat aanplantings en die voorkoms van hael. Mielies wat hetsy deur hael of eerste ryp beskadig is voordat dit fisiologies volwasenheid bereik het, kan benut word deur dit te sny vir kuilvoer of as weimielies. Die voorskrif vir die hantering en benutting van sulke plantmateriaal, behoort in ag geneem te word vir sukses.

Indien dit nie in 'n eie veevertakking benut kan word nie, kan dit verhandel word. 📌





Oestyd - Is Metingstyd - Voedselna-spoorbaarheid regdeur die waardeketting

Nampo Oesdag is sinoniem met die bymekaarkom van alle rolspelers in die landbouwaardeketting. Die geïntegreerde waardeketting en verwante voedselsekuriteit trek aandag wêreldwyd. Verbruikers raak meer opgevoed en vra meer vrae oor die produksie van hul voedsel. Hierdie artikel ondersoek 'n paar voedselna-spoorbaarheidstendense binne die landbouwaardeketting.

■ Deur Martin van Zyl

Senwes Group Executive: Innovation and Integrated Solutions

Oor die afgelope paar jaar het die publieke mening aansienlik verander oor die belangrikheid van deursigtige voedselinligting. Dit blyk dat die publieke vertroue in die voedselversaffingsketting aansienlik verlaag het. Wat sal die effek van hierdie verandering op die korttermyn-toekoms van voedselna-spoorbaarheid wees?


Die Internasionale Voedselinligtingstigting (IFIC) sê die volgende:

“Verbruikers wil weet hoe hul voedsel geproduseer word, waar dit vandaan kom en die kwaliteit van die bestanddele daarvan. Hulle het ook meer omvattende vrae oor omgewingsvolhoubaarheid en baie wil handelsmerke hê wat met hul breër sosiale waardes belyn.” – IFIC



Label Insight and the Food Marketing Institute Survey

Would you switch to a brand that provides more in-depth product information, beyond what's provided on the physical label?



Bron: <https://medium.com/te-food/food-trace-ability-trends-to-watch-in-2019-179a00b3b625>

DIE EFFEK VAN TEKNOLOGIE EN DIE MEDIA

Diegene wat die media dophou, kan dink dat die aantal uitbrake en voedselbedrog oor die afgelope jare verhoog het. Die realiteit is egter die volgende:

- 1 Danksy tegnologiese vordering, goedkoper en meer akkurate inspeksieresultate, word meer gevalle van besmetting geïdentifiseer..
- 2 Intussen het aanlyn mediatoeegang en opvallende opskrifte verhoogde verbruikersaandag tot gevolg. Tesame met die grootskaalse deel van inligting op sosiale media, versprei hierdie artikels blitsvinnig.

Mense sien eenvoudig meer gevalle wat blootgestel moet word en, as gevolg van emosionele joernalistiek, groei hul

ontevredenheid vinnig.

Google soektoegtendense dui aan dat wanneer daar 'n uitbraak gepubliseer word of wanneer voedselbedrog blootgelê word, daar 'n enorme toename in verwante soektoegte is.

Dit lyk of verbruikers verward raak oor voedselverwante inligting. In 'n opname het 80% van verbruikers aangedui dat daar 'n groot mate van teenstrydige inligting is oor wat om te eet en wat om te vermy.

Daar word verwag dat hierdie tendens sal voortduur in 2019, aangesien die media sien dat mense aktief reageer op hierdie onderwerpe en dat die aantal potensiële gevalle meer word. Dit skep 'n aanvraag vir tegnologiese oplossings wat duidelike produkinligting verskaf.

BLOCKCHAIN WEN GROND

Gedurende 2018 het verskeie Blockchain-oplossings in die landbouwaardeketting hul verskyning gemaak in 'n poging om die huidige verbruikersontevredenheid aan te spreek. Alhoewel blockchain nie alle probleme op sy eie kan oplos nie, is dit 'n belangrike stap in die regte rigting.

Daar word geglo dat voedselnaspeurbaarheid op die drumpel van 'n tegnologiese skuif op elke front is:

1 Dataverkryging

Internet of Things (IoT)-tegnologie word goedkoper, meer betroubaar en makliker om te gebruik, wat meer take, van gewigsmeting tot temperatuurmonitering, vervang. Dit sal "vertrou minder" (trust less) dataverkryging tot gevolg hê.

2 Data-analise

Kunsmatige intelligensie en groot data-tegnologie sal voedselmaatskappye en owerhede in staat stel om verskafferskettingaktiwiteite deeglik te analiseer ten einde enige afwykings te identifiseer.

3 DATAPROSESSERING EN -OPBERGING

Blockchain-gebaseerde dataprosessering en die onveranderlike verspreide grootboektegnologie (ledger technology) sal met die "trust less"-verskafferskettingidee kompeteer, waar daar op geen enkele maatskappy of persoon vertrou hoef te word om te verseker dat die data eg en korrek is nie. 3

Verkort van oorspronklike artikel: <https://medium.com/te-food/>

Vir meer inligting :
<https://medium.com/te-food/food-traceability-trends-to-watch-in-2019-179a00b3b625>





Senwes verwelkom

Staalmeester tot die familie

In Oktober 2018 het Senwes kragte saamgesnoer met een van die mees ervare en grootste landbou-implementmaatskappye in die Noordwes, naamlik Staalmeester. Die vennootskap het ontstaan weens 'n behoefte by beide maatskappye om hul voetspoor uit te brei en hul impak in hul onderskeie markte te versterk.

■ **Deur Kefiloe Manthata**
Senwes Joernalis

Ons het Martin Coetzee uitgevra oor die rede waarom hulle met Senwes kragte saamgesnoer het, waarop hy soos volg gereageer het: “As 'n eenmanbesigheid, met net myself aan die stuur, is daar net soveel wat jy kan doen. Jy kan net soveel invoer, net sover alleen groei. Met 'n transaksie soos dié, kan die nalatenskap van my oupa my oorleef en is daar geen perke nie.” Martin sien uit daarna om die beste te maak van die uitbreidingsgeleenthede wat hierdie samewerking vir Staalmeester sal bring. Een van die baie positiewe aspekte wat hieruit voortvloei is dat Staalmeester, via die Senwes Equipment takke, nou 'n groot

klantebasis sal kan diens en sy produkte op groter skaal sal kan verkoop.

GESKIEDENIS

Staalmeester is in 1951 deur Lourens Coetzee gestig. Lourens Coetzee was toe 'n onderwyser en het sy passie vir handewerk gekombineer met sy begeerte om plaaslike boere in die gebiede rondom Hartbeesfontein te help. In sy spaartyd het hy die eerste mobiele boondopper ooit in Suid-Afrika gebou, wat hom op 'n pad geplaas het wat uiteindelik tot sy bedanking uit die onderwys gelei het om toerusting op 'n heelydse basis te bou. En dit is hoe Staalmeester ontstaan het.

Die maatskappy het met 'n beperkte reeks begin en geleidelik oor tyd gegroei. Van die vyf kinders wat Lourens gehad het, was Martin Coetzee die een wat die

meeste belangstelling daarin getoon het om die leisels by sy pa oor te neem. Martin het die maatskappy by sy pa gekoop in die mid-tagtigerjare en het sy reeks begin uitbrei en begin spesialiseer in hooimasjiene. Martin was ook die eerste wat ondersoek begin instel het na invoer- en uitvoergeleenthede vir die maatskappy. In die jaar 2000 het hy 'n behoefte geïdentifiseer vir toerusting wat nie in die Suid-Afrikaanse mark beskikbaar was nie en het begin om kuilvoerkerwers uit Brasilië in te voer. Toe sy pa in 2013 oorlede is, het hy met die hulp van sy ma, die bestuur van die maatskappy oorgeneem. Saam het hulle die besigheid na 'n hoër vlak geneem. Staalmeester doen vandag invoere uit 8 verskillende lande en het 'n produkreeks van 110 verskillende landbouprodukte. **S**

**Outperforms any
competition in
it's class**

C120

**THE BEST FORAGE
HARVESTER EVER!**



- No corn cracker required.
- Superior belt 5 threads Super HC.
- Thicker frame bottom (25% thicker).
- Blades: 12 blades with patented "C" shape.
- Several heads available: make the harvester more versatile 20% higher output capacity.
- Chop sizes 2mm - 36mm.
- Low maintenance & affordable spare parts.
- Up to 35 tons capacity depending on cutting size.



Complete Forage Harvesting equipment range



Introducing our new Grain and Forage baggers for the 2019 season

**Finance
Available**



STAALMEESTER™

PRODUCTIVITY, COST EFFICIENCY & SERVICE TO THE FARMER

☎ Martin +27 82 806 6377
☎ Paul +27 82 888 1877

Staalmeester

Staalmeester Since 1951

www.staalmeester.co.za

1909 - 2019

110

Silo's

– 'n Kort geskiedenis

Senwes vier sy 110de bestaansjaar en ons kyk kortliks na alles wat verband hou met graan, graanhantering, silo's, ensovoorts.

■ Deur Senwes Scenario Span

Hoogtepunte van die eerste 100 jaar

1 Julie 1909

Die eerste mielies word by Klerksdorp stasie ontvang deur "De Centraal Westelike Co-operatiewe Landbou Vereniging".

1913

Senwes se graanbelange word uitgebrei na die Oranje Vrystaat. In 1917 word die eerste algemene jaarvergadering vir die Vrystaat gehou te Rendezvous (vandag bekend as Viljoenskroon), wat as dorp aangelê is in 1921). Rendezvous was die eerste vaste eiendom van Senwes in die Vrystaat.

1926

Die bou van 'n spoorhyser deur die SA

Spoorweë begin. Mielies word in losmaat ontvang. Doel: om uitvoere na Europa moontlik te maak.

1945

Maalaktiwiteite word gevestig en die aankoop van meulens word oorweeg. Gedurende die jaar koop Senwes meulens in Heuningspruit, Champion (Kroonstad) en Lederle (Theunissen). In 1946 koop Senwes Acme (Klerksdorp) en Tweespruit meulens. Zastron Meule word in 1949 aangekoop.

1960

Metrisering en rekenartegnologie word geleidelik in die landboubesigheid ingefaseer.

1961

Senwes lei die silobouprogram in Suid-Afrika.

1962

'n Uitgebreide graanhyserprogram word geloods ten einde losmaatgraan beter te kan hanteer.

1970

'n Uitgebreide graanhyserprogram word geloods ten einde losmaatgraan beter te kan hanteer.

1971

Skale en weegbrûe word omgeskakel na metrieke mate.

1972

'n Nuwe voer- en oliepersaanleg word by Viljoenskroon opgerig en word amptelik geopen in 1973.

1992

Kroonstad Wes Koöperatief Beperk amalgameer met Sentraalwes Koöperatief Beperk.



'n Paar Senwes hoogtepunte sedert 2015

2015-2016

'n Verhoogde aptyt vir hoë-waarskynlikheidverhandeling word geïmplementeer. Verhoogde klantefokus met Basislink, 'n aanlyn-verhandelingsplatform van Senwes Grainlink, skep addisionele funksionaliteit vir produsente om hulle in staat te stel om hul graan te koop te bied aan Senwes se graanverkrygers. Die Graintech projek is in sy derde jaar, wat Senwes in staat stel om graan met 'n hoër as normale voginhoud in te neem, sonder enige addisionele drogingskoste of verhoogde bedryfsrisiko's.

2016-2017

Die Graintech projek vir die vroeër inname van graan is in 2017 geloods en 40% van die oes word ingeneem in terme van die nuwe reëlings. Die eerste sonkragstelsel word by Hennenman silo geïnstalleer met 'n verwagte besparing van 450 000 kWu per jaar. Die Senwes lojaliteitskema, AgriRewards, word suksesvol uitgerol met Senwes Grainlink klante wat voordeel daaruit trek.

2018

Senwes Grainlink neem die tweede grootste someroes in die geskiedenis in. Die opbrengs per hektaar vir mielies was gemiddeld 6,39 t/ha. Die opbrengs was 3 396 258 ton vergeleke met 3 625 045 ton in 1981/1982. Tradevantage hernu die Meadows kontrak. Die opgradering van die Makokskraal silo word gedoen om dienslewering te verbeter.

2019

Senwes het tans 68 silo's met 'n totale kapasiteit van ongeveer 4,8 miljoen ton.

'n Aanduiding word hieronder gegee van die jaar waartydens elke silo opgerig is (sommige silo's is gedurende die silobouprogram opgerig, wat hieronder bespreek word):

Die silobouprogram

1940's en 1950's

Het jy geweet dat, weens die hoë koste met betrekking tot die hantering van graan in sakke, sowel as die tekort aan graansakke gedurende die laat 1940's en vroeë 1950's, het produsente, graanverhandelaars, meulens en die onderskeie graanrade die regering versoek om die oprigting

van silo's aan te moedig en/of bestaande bergingsfasiliteite vir die losmaathantering van sodanige produkte, te verander. Die gevolg was 'n langtermynleningskema vir die oprigting van graansilo's en losmaatbergingsfasiliteite wat deur die Minister van Landbou op 12 Februarie 1952 in die parlement aangekondig is. Die skema het behels dat langtermynlenings beskikbaar gestel sou word aan koöperasies, handelaars en meulens deur die Land- en Landboubank vir gemelde doeleindes. 'n Koördineringskomitee, die Graansilokomitee, is op die been gebring om toesig te hou oor die uitvoering van die skema.

Rol van die Graansilokomitee

Het jy geweet? Die Graansilokomitee het bestaan uit vier verteenwoordigers van die Departement van Landbou-ekonomie en Bemaking, en een elk van die Mielieraad, Koringraad, Oliesaderaad en Sorghumraad. 'n Ingenieur van die Landbou-ingenieursdepartement het bystand verleen met tegniese sake.

Het jy geweet? Enigiemand kon aansoek doen vir 'n permit. Permite is uitgereik aan verskeie privaat meulens en entrepreneurs soos die Bruwers by Wesselsbron, sowel as die Senekals en die Allem Broers by Viljoenskroon.

Rol van koöperasies

Min mense weet dat die eerste silo in die wêreld met 'n groter omtrek en laer hoogte deur 'n koöperasie in Suid-Afrika opgerig is. Dié ontwerp het gou internasionaal die standaard vir graansilo's geword omdat dit die koste van konstruksie verlaag het, bergingskapasiteit verhoog het en die impakskade van graan verminder het.

Silo-eienaarskap

Silo's behoort aan die eienaar wat die inisiatief en/of risiko geneem het om dit op te rig - selfs met geleende fondse. Hoekom? Omdat die silo's opgerig is op eiendom wat aan die koöperasies behoort het en koöperasies die inisiatief en risiko geneem het om die silo's op te rig. **S**

**Insette soos geïllustreer in Maize in South Africa deur AR Saunders, Time cultivates winners, Senwes – A century of agriculture, sowel as Dr C L Wentzel, Noordwes Koöperasie, Lichtenburg en Mielieraad 1935-1985.*

Schuttesdraai - silo



Kroonstad - silo



Bultfontein - silo



Welkom - silo



Odendaalsrus - silo



Siloboupprogramme deur die jare

■ Deur Senwes Scenario Span

VOOR 1930

B-silo's in Arlington, Bothaville, Heilbron, Klerksdorp, Makokskraal, Potchefstroom (slegs die beton silo's is nog staande), Ventersdorp en Viljoenskroon silo 200. Van die is Arlington, Heilbron, Makokskraal en Ventersdorp nog in bedryf.

1960's

Bultfontein (1964), Kroonstad en Theunissen (1965), Bothaville 221 en Wesselsbron 234 (1966), Wesselsbron 235 en **Makokskraal** (1967), Bothaville 222 en Hartswater (1968), Vierfontein, Groenebloem en Viljoenskroon 232 (1969).

1970's

Bloemfontein, Melliodora en Ventersdorp (1970), Hartbeesfontein silo, Losdoorns, Odendaalsrus en Rooiwal (1971), Heuningspruit, Potchefstroom, Raathsvlei, Schoonspruit, Tierfontein en Winburg (1972), Arlington, Jan Kempdorp, Mirage, Schuttendraai en Werda (1973), Brandfort en Enselspruit (1974), Attie, Oberholzer,

Viljoenskroon 266 en **Wesselsbron 234** (1975) en **Bothaville 221**, Hennenman en Koppies (1976), **Melliodora**, Mooigeleë, Petrusburg, Welgeleë en Wolwehoek (1977), **Bothaville 222**, Buckingham, Geneva, **Hartbeesfontein**, Magogong en Protespan (1978), De Brug, **Hennenman** en **Winburg** (1979).

1980's

Kroonstad, **Makokskraal** en **Werda** (1980), **Brandfort**, **Groenebloem**, **Losdoorns**, **Odendaalsrus**, Regina, **Schoonspruit**, Steynsrus, **Theunissen**, **Vierfontein**, Weiveld, **Viljoenskroon** en Wesselsbron 277 (1981), Dewetsdorp, **Heuningspruit**, Hoogte, Middelvlei, **Mirage**, **Schuttendraai** en **Tierfontein** (1982), **Enselspruit**, **Rooiwal** en **Ventersdorp** (1983), Allanridge, **Ventersdorp A**, **Vredefort** en **Werda** (1984), Gottenburg (1985), **Potchefstroom** (1986) en Van Tonder (1987).

NA 1990

Koffiefontein (1997). 

* Uitbreidings by silos in donkerskrif.




Makokskraal



BAIE GELUK

ONS STAP DIE PAD SAAM



omnia



omnia
NUTRIOLOGY • NUTRILOGIE

Ons weet hoe belangrik die bestuur van risiko is. Daarom belowe ons om ons voete stewig op die plaas te hou terwyl ons onverpoosd na beter en volhoubare landbou-oplossings soek.

www.fertilizer.co.za



Herfs, Oestyd en Nampo

Herfs is 'n baie besondere tyd in die natuur. Die hoofkenmerke van herfs is dat die seisoenkurwe sy hoogtepunt en draaipunt bereik het. Dit is ook die teken dat die produsent moet begin regmaak vir oestyd en die nodige voorbereiding en beplanning moet doen.

■ **Deur Jacques Pretorius**

Senwes Equipment: Bestuurder:
Meganisasiedienste

Die tekens van herfs is duidelik - vrugtetyd is verby, dit word vroeër skemer en die blare verkleur en val van die bome af. Die dae word korter en die nagte langer en die eerste tekens van koue verskyn.

Vir landbou het herfs wel 'n heel ander betekenis. Dit is die seisoen wanneer boere regmaak vir twee van die belangrikste gebeurtenisse in landbou, naamlik oestyd en Nampo Oesdag. Nampo Oesdag is die bekendste dae in die land vir boere waar hulle die nuutste en gevorderde tegnologie en masjinerie kan beskou. Vir boere om vir Nampo gereed te wees is maklik en is dit net nodig om Nampopark op een van die datums vanaf 14 tot 17

Mei te besoek, maar om vir oestyd gereed te wees, is daar wel 'n hele paar ander uitdagings.

Dit is altyd goed om voorbereid te wees vir oestyd en al die nodige beplanning te doen sodat oestyd gemaklik en sonder enige onnodige onderbrekings kan plaasvind. Van die bekommernisse van klante voor oestyd is die toestand van hulle masjinerie wat gebruik gaan word.

Vrae wat ontstaan is gewoonlik: Is my masjien gediens? Is daar dalk onvoorsiene slytasie of probleme? En is die masjien se verstellings en kalibrasies reggedoen om so die masjien optimaal te kan gebruik? Wel, Senwes het dit hulle fokuspunt gemaak om die wonder en twyfel uit oestyd te laat verdwyn.


Alle Senwes werkswinkles is toegerus met bekwame vakmense wat vir die klant 'n diens kan lewer deur inspeksieplanne

aan die klant te bied om sodoende vooraf bepaalde toetse op masjiene te kan doen sodat enige moontlike diagnose en herstelwerk voor die seisoen gedoen kan word om staantyd te voorkom en optimale gebruik van die masjien te kan verseker. Instel van stropers en opstel van presisietoerusting word ook gedoen om so die korrekte inligting en data vir die klant te kan bied.

Die inspeksieplanne gee die klant gemoedsrus oor sy masjiene sodat daar op ander aspekte van oestyd gefokus kan word. Enige Senwes werkswinkel kan gekontak word om meer inligting oor die inspeksieplanne te kry. Maak vandag nog 'n afspraak.

Sterkte aan elkeen van ons produsente met die oestyd van 2019 en skakel gerus enige van u Senwes Equipment werkswinkles om u van diens te wees. **S**

STEWIGE PRESTASIE VAN PLANT TOT OES



PANNAR se witmieliepakket is wyd aangepas en stabiel oor omgewings en seisoene. Die stewige prestasie van ons witbasters ondersteun produktiwiteit, verminder risiko en optimaliseer winsgewendheid. Die professionele advies van ons verkoopspan, verseker dat u die maksimum opbrengs uit elke sak verkry.

ONS WITMIELIEBASTERS

Groei-seisoenklas				
Ultravinnig	Vinnig	Medium-vinnig		Medium
PAN 3A-173 PAN 3R-573R	PAN 4A-111 PAN 4B-311B PAN 4R-511R PAN 4R-711BR	BG 528S BG 5685R PAN 5B-485B PAN 5R-785BR	PAN 5A-291 PAN 5B-491B PAN 5R-591R PAN 5R-791BR PAN 5R-891BR	PAN 6Q-865BR

In die droëland-oostelike streek vorm die PAN 3A-173 en PAN 4A-111 platforms die ruggraat van die PANNAR pakket. In die westelikegebiede is die PAN 5R-791BR, PAN 5R-891BR en PAN 5R-785BR platforms, die kern van die pakket. Onder besproeiing is die PAN 3A-173 platform die eerste keuse.

® Registered trademarks of PANNAR SEED (PTY) LTD
© 2019 PANNAR SEED (PTY) LTD

2019/WMAIZE/A/01



PANNAR®

Saam boer ons
vir die toekoms™

infoserve@pannar.co.za
www.pannar.com





Oorwintering:

Waar lê die uitdagings?

Alhoewel daar al baie oor die onderwerp ‘oorwintering’ geskryf is, bly dit ’n groot uitdaging vir elke produsent, enersyds omdat voer in alle waarskynlikheid die grootste koste-inset vir die veeboer is en andersyds omdat geen twee wintertydperke ooit dieselfde is nie. Voeg daarby kwessies soos die gehalte en hoeveelheid beskikbare veld wat met die wintertydperk gepaard gaan, veldbrande, ongewone lang winters, asook die produksieverwachting wat produsente van hulle vee het – en ons het ’n resep vir ’n baie uitdagende winter.

■ **Deur Phillip Lee**
Hinterland Diereoplossingsbestuurder

Hierdie artikel fokus op sekere aspekte van oorwintering, met die klem op die slaggate, die moets en moenies van voervloei, voerbehoefte en sekere praktiese riglyne om oorwintering so prakties

en ekonomies as moontlik aan te pak.

WAAR TRAP ONS NOG KLEI?

Landbouers werk met die natuur en het geen beheer daaroor nie. Daarom is dit belangrik om versigtig om te gaan met wat die weerprofete sê – al word ’n nat winter voorspel, moet ons beplanning van so ’n aard wees dat ons eerder vir die

ergste voorberei. Die winter van 2018 is klinkklare bewys hiervan, toe veeboere tot laat in November steeds winterlekkie moes voorsien in dele van die Vrystaat en Noordwes.

Wat my by die volgende slaggat bring, naamlik beplanning. Boere is geneig om reaktief op te tree, gewoonlik met



negatiewe koste-implikasies. Beplanning vir oorwintering begin reeds in die lente vóór die winter, wanneer die winterbehoefte in terme van droëmateriaalinname bepaal moet word ('n 100-koei-eenheid benodig nagenoeg 500 ton droëmateriaal per jaar).

Suksesvolle oorwintering berus op deeglike voervloei-beplanning. Veevloei-beplanning gaan hand aan hand hiermee, sodat dek-, kalf-/lam- en speentyd kan sinkroniseer met optimale omgewings-toestande om goeie produksie en reproduksie te verseker. Daar is nog talle plase waar daar nie dekseisoene in plek is nie, waar die veeladings eenvoudig te hoog is en waar die waarde van die veld totaal oorberaam word. Dan is daar ook die bykomende kwessie van passassiers wat geen ekonomiese bydrae tot die boerdery lewer nie.

IETS OOR VOERVLOEIBEPLANNING

Die eenvoudige definisie van voervloei is die jaarlange voorsiening van weiding en/ of voer aan diere, op die mees ekonomiese wyse om reproduksie te handhaaf, sonder om die hulpbron te benadeel. Of kortom: hoeveel voer het elke klas dier per maand nodig? Die eerste prys is steeds om die beste gehalte voer op die plaas self te produseer. Elke produsent se som lyk egter anders en word beïnvloed deur faktore soos hulpbronbesikbaarheid, die produksiestelsel wat gevolg word, die koste van finansiering, die wisselkoers en internasionale voorraadvlakke (omdat baie van ons grondstowwe ingevoer word en in sekere gevalle word ons produk uitgevoer).

Voorts is dit ook belangrik om 'n mate van elasticiteit in te bou in die voervloei-beplanning en sodoende by omgewings-

variasies te kan aanpas. Voorbeelde hiervan is waar boere hulle vee en voerbanke verkoop, omdat die som werk en dit meer lonend is om later weer vee in te koop. Produsente word aangeraai om 'n kort- en mediumtermynbeplanning in plek te hê waar die korttermyn die maand tot maand voervoorsiening behels, en die medium termyn meer geskoei is op 'n jaarsiening.

Die beplanning moet aspekte soos voerkwaliteit en -kwantiteit, koste verbonde aan produksie, berging en logistiek, vermorsing, inkoop van voer, produksieverwagtinge (met verwysing na kuddevloei) en produkinkomste in ag neem. Dit is nie 'n waterdigte oplossing nie, maar bied die kans om tydige aanpassings te maak, sou die behoefte opduik. Ons is per slot van sake besig om risiko te bestuur.



◀ 23 | Oorwintering

Omdat ons besig is om die voerbehoefte van die vee te balanseer met die produksiepotensiaal van die plaas, is ons soms geneig om bykomende risiko's te skep. 'n Goeie voorbeeld hiervan is waar ons nuwe vertakkings aanpak, soos die aanplant van weiding sonder om die nodige kritiese vrae te vra. Vrae soos:

- Of my huidige vertakkings optimaal bestuur word (veld- en weidingsbestuur is veral hier ter sprake).
- Watter bykomende bestuursinsette verlang word.
- Hoe die nuwe vertakking by huidige veebestuurspraktyke inskakel.
- En die heel belangrikste: of hierdie uitbreiding die winsgewendheid van my onderneming verhoog en of dit nie eerder net die risiko's verhoog nie.

Uiteindelik gaan dit oor die produksie van kilogramme vleis per hektaar, en om dit jaar na jaar so kostedoeltreffend as moontlik te doen. Dit is hier waar 'n goeie verhouding met 'n vee- of weidingkundige van onskatbare waarde is.

SO HOEVEEL VOER HET ONS NODIG?

Die 'hoeveel'-vraag is nie altyd so maklik om te beantwoord nie, want ons het al telkemale gesien dat die winter net te lank en uitgerek raak vir die hoeveelheid voer wat beskikbaar is en, meer kere as nie, is ons 'spens' leeg voordat ons hom leeg wil hê. Ons het ook al gesien dat voer (veral gebaalde ruvoer) vermors word omdat daar eenvoudig te veel geproduseer is. Die koste-implikasie hiervan is enorm.

Ander aspekte wat in gedagte gehou moet word sluit in kuddegrootte, die stabiliteit van die kudde en die terughou van 'n groot persentasie vroulike diere met die oog op 'n kuddeboufase. Kyk byvoorbeeld na mielies wat op baie plase een van die grootste bydraende faktore tot die voerbank is: gaan ons stroop, kuil of kopmeel maak?

Elkeen se unieke behoefte en produksiestelsel sal hierdie vraag beantwoord, maar die antwoord het 'n bepaalde effek op hoeveel voer jy gaan benodig. As jy speenkalwers wil afrond, sal kopmeel 'n goeie opsie wees, maar in 'n droogtetydperk waar volume verlang word, sal kuilvoer dalk meer aangewese wees.

Wat die 'hoeveel'-vraag betref is dit ook belangrik om na infrastruktuur te kyk. Het ek die aangewese en voldoende stoorgewone en, indien nie, wat is die koste verbonde aan die huur van stoorspasie. Baie voer wat ten duurste geproduseer is, gaan verlore as gevolg van swak en onvoldoende bergingspraktyke (nagenoeg 10% van ruvoer gaan verlore weens verwerping en windverliese nog voordat dit in die hooirak kom). Net so is dit ook nie gewens dat duur toerusting buite in wind en weer staan sodat voer onder die afdakke kan staan nie.

Die belangrikste faktore as dit kom by 'hoeveel' voer voorsien moet word, is die feit dat voerinname die grootste drywer van veeproduksie is. Ons is almal bewus van die sterk korrelasies tussen liggaamskondisie en ekonomiese belangrike eienskappe soos konsepsie- en herkonsepsiesyfers, kalf- en speenpersentasies

en speenmassa. Daar is egter groot variasies in inname, wat kan wissel van 3% van liggaamsmassa op raai-grashooi tot so laag as 1,4% van liggaamsmassa op mieliestronke. Ander dimensies soos ras, raamgrootte en aanpasbaarheid speel ook 'n rol.

As die NRC as riglyn gebruik word, blyk dit duidelik dat 'n droë koei van 400 kg nagenoeg 3,15 kg energie en sowat 0,375 kg proteïen per dag benodig vir onderhoudsdoeleindes. Let wel dat dieselfde koei se energiebehoefte met 25% styg twee maande voor kalf, wanneer daar ook 'n verdubbeling in haar proteïenbehoefte ontstaan. Onthou ook dat ons in baie gevalle boer met koeie wat heelwat swaarder is en die nodige aanpassings moet dus gemaak word.

Van kardinale belang in enige oorwinteringsprogram is die ekonomiese handhawing van liggaamskondisie. Ons weet dat ons winterweidings eenvoudig nie aan die diere se onderhoudsbehoefte voldoen nie. Die belangrikheid van 'n korrekte strategiese aanvullingsprogram (lekaanvullings) is hier van onskatbare waarde. Talle goeie voervloeiprogramme val juis hier plat, omdat die nodige proteïen- en/of energie-aanvullings nie die nodige aandag geniet nie, met nadelige gevolge vir reproduksie.

Verseker dus dat jou lekprogram die tekorte tydig aanspreek. Dit kan natuurlik wissel na gelang van die jaar en spesifieke produksiestelsel.

SLOTGEDAGTES

Die enkele belangrikste stukkies advies vir veeboere is proaktiewe beplanning – ons



wag nog te gereeld tot dit te laat is en wil dan krisisbestuur toepas. Doen deeglike drakragbepaling en bemark die nie-produseerders tydlig. Die goue reël is om eerder beter vir minder diere te sorg as om die totale kudde op risiko te plaas.

Bou altyd 'n buffer in vir jare waartydens die winter hardnekkig kan wees en die reën wegbly. Bo en behalwe die 10% wind- en verweringsverliese, kan vermors-

sing en mis-/urinebesoedeling tot soveel as 15% wees – maak dus voorsiening.

Probeer sover moontlik die kritiese reproduksietye soos dek- en kalftyd sinkroniseer met tye waar die voervoorsiening optimaal is. Waak teen impulsiewe besluite soos afkyk by die buurman. Elke plaas is uniek wat sy hulpbronne betref, hetsy biologies, natuurlik, menslik en/of finansiële.

Vra jouself ook die kritiese vraag:

“Gaan dit my onderneming se wins op 'n volhoubare wyse verhoog?” Moenie kuddebestuursaspekte soos aanvullings, doelmatige seleksie en kuddegesondheid agterweë laat nie.

Let veral op goeie veld- en weidingbestuur – dit is en bly die basis van ekonomiese oorwintering. **S**

Veels geluk aan Senwes met jul 110de verjaardag. Van almal onder die geel sambreel.

Santam. Regte, egte versekering.



SANTAM IS 'N GEMAGTIGDE FINANSIELE DIENSVERSKAFER (LISENSIENOMMER 3416)





Hittespanning en vleisbeesproduksie



MAANDAG

April 25

09:00 AM

SUID-AFRIKA

31°C

Warm



DINSdag

WOENSDAG

DONDERSdag

AG




16°C



17°C



15°C



Waarom is dit belangrik?

Hittespanning (HS) of hipertermie is 'n wêreldwye probleem wat die produksievermoë van diere sowel as die welstand van diere betekenisvol verlaag. Die verlaagde produktiwiteit gedurende die warm somermaande kan indirek aan verlaagde voerinnname en direk aan hittespanning toegeskryf word. Hittespanning beïnvloed verskeie fisiologiese stelsels in die liggaam en die eindresultaat daarvan het verlaagde produktiwiteit tot gevolg. Daar is 'n dringende behoefte om te verstaan op welke wyse HS voedingstofbenutting nadelig verander en hoe om dit te voorkom, of ten minste te verminder.

■ **Deur dr Kobus Swart**
Dierevoedingskundige

Suid-Afrika is 'n halfwoestynland en ondervind tradisioneel hoë somertemperature, veral in die westelike streke van die land. Klimaatsverandering is reeds vir eeue 'n werklikheid en diereproduksie moet van tyd tot tyd by hoë temperature aanpas. Hierdie aanpassing is beide op 'n jaarlikse basis tydens die warm somerseisoen, asook oor langer sikliese periodes van klimaatsverandering, wanneer buitengewone hoë temperature, soos met hittegolwe, ondervind word. Wat hittegolwe aanbetref is die tipies gemiddelde aantal kere per jaar tans vyf keer per jaar en wat heel waarskynlik in die toekoms sal vermeerder. 'n Hittegolf word beskou as maksimum van 30°C oor drie agtereenvolgende dae en 'n buitengewone hittegolf is >35°C oor drie agtereenvolgende dae. Die afgelope somer het Suid-Afrika 'n paar buitengewone hittegolwe moes trotseer.

HS wat deur die omgewing veroorsaak word, bring effektiewe diereproduksie in

gedrang en verlaag diere welstand. Dit is gebiedend noodsaaklik dat die biologiese meganismes van HS bepaal word wat diere se produksievermoë verlaag. Dit is ook 'n voorvereiste om in die toekoms op genetiese, bestuurs-, voedings- en farmaseutiese gebied strategieë te ontwikkel wat diereproduksie en -welstand onder HS toestande sal kan verbeter.

TEMPERATURE WAT HITTESPANNING VEROORSAAK

'n Omgewingstemperatuur van 30°C blyk die kritiese punt te wees waar Bos Taurus en Bos Indicus tipe beeste van mekaar begin verskil in hul vermoë om normale rektale temperature en respiratoriese tempo te handhaaf. Die aanvaarde drumpeltemperatuur vir gemak by die meeste beesrasse is 32°C.

Oor die algemeen is die HS-veroorsakende produksieverliese by vleisbeeste nie so erg soos wat by melkbeeste ondervind word nie. Dit is nie bekend waarom vleisbeeste 'n hoër Temperatuur-Humiditeits-Indeks as melkbeeste kan verduur nie. Voerkraalbeeste word veral nadelig deur hoë temperature,

relatiewe hoë humiditeit, sonstraling en lae windspoed beïnvloed. Op grond van hierdie temperature word die drumpeltemperatuur in die Noordwes, Noord-Kaap en Vrystaat gereeld gedurende die somermaande oorskry.

METABOLIESE AANPASSING BY LAE VOEDINGSVLAKKE

'n Voorvereiste om die metaboliese aanpassing wat met HS gepaard gaan te verstaan, is dat die fisiologiese en metaboliese aanpassing wat in groeiende diere tydens ondervoeding gebeur, verstaan moet word. Verandering in die verdeling van voedingstowwe na absorpsie vind plaas om 'n fisiologiese staat van skelet- en spiersintese te ondersteun. Een welbekende strategie wat groeiende diere in 'n negatiewe energiebalans gebruik, is die glukosebesparende effek.

Onvoldoende voedingstofinname tydens termiesneutrale/normale omstandighede, hou met metaboliese veranderings verband wat hoë prioriteitweefsel, soos skel-etspiere, sal ondersteun. Kenmerkende verandering in beide koolhidraat- en



◀ 27 | Hittespanning en vleisbeesproduksie

vetmetabolisme verseker dat voedings-towwe vanaf voer na weefsel en na die spierweefsel verdeel word. Veranderende anaboliese (opbouwende) en kataboliese (afbrekende) seine bemiddel deurentyd hierdie verdeling van voedingstowwe. Een tipiese reaksie is 'n afname in insulien sirkulasie wat met 'n afname in sensitiviteit vir insulien van vetweefsel gepaard gaan. Dit maak voorsiening vir die vrylating van vetsure uit die vetweefsel wat vir energie gebruik kan word en dus glukose in die liggaam spaar. Met 'n lae voerinname word koolhidraatmetabolisme na absorpsie ook deur 'n verlaging in insulienwerking verander, wat tot 'n verlaagde glukoseopname deur die vetweefsel aanleiding gee. Hierdie meganisme, waar vetsure stadig deur die vetweefsel vir energievoorsiening afgegee word, is 'n sleutelmeganisme van diere waar proteïensintese 'n prioriteit is.

NA-ABSORBSIEVERANDERING TYDENS HITTESPANNING

'n Verlaagde voerinname kan skynbaar die meeste van die swak produksieprestasie van groeiende diere verklaar wat onder HS verkeer, maar die invloed van hitte het merkbaar 'n invloed op die opeenvolging van weefselsintese in die liggaam.

Die dier onder HS begin 'n verskeidenheid van na-absorpsie metabolisme veranderinge, wat onafhanklik van die voerinname en energiebalans van die dier is. Hierdie veranderinge in die verdeling van voedingstowwe is oënskynlik meganismes van aanpassing om die onderhoud en korrekte liggaamstemperatuur te handhaaf. Die HS reaksie verander dus na absorpsie van koolhidraat-, vetweefsel- en proteïenmetabolisme, onafhanklik van lae voerinname.

Die interessantste meganisme van HS diere is die oënskynlike gebrek aan vetmetabolisme deur vetweefsel met gepaardgaande afname in die vetweefsel om vetsure vir addisionele energie af te skei. Ondersoeke van verskeie spesies het aangetoon dat koolhidraat(suiker)-metabolisme met HS verander met byvoorbeeld basale en gestimuleerde insulienvlakke. Lewer- en bloedmetabolisme toon duidelike verskille in glukoseproduksie en -gebruik gedurende HS.

HS affekteer ook na-absorpsie proteïenmetabolisme wat deur verandering in die hoeveelheid karkasspierproduksie van herkouters getoon word. Die produksie van spierweefsel word verlaag deur spanning wat deur die omgewing se hitte veroorsaak word. Spierweefsel maak energiegewys 'n groot bydrae tot die dier se massa en is 'n duur weefsel om te onderhou. 'n Klein verandering in die

energie-effektiviteit kan dus 'n betekenisvolle impak op die voeromsetting en vloeï van voedingstowwe hê. Die toename in skeletweefsel se proteïenkatabolisme (afbraak) wat met HS gepaard gaan is eienaardig, gegewe die rol wat insulien in die stimulasie van proteïensintese (opbouw) en inhibering van proteolise speel. Die afbraak van skeletspiere is moontlik die liggaam se strategie om voedingstowwe vir die vorming van glukose (deur glukoneogenese) te kry.

GEVOLGTREKKING

Die primêre verskil tussen 'n dier wat onder geen hittespanning verkeer nie en 'n dier met HS waar beide op dieselfde energiestatus is, is die onvermoë van die HS dier om glukosebesparende meganismes te inisieer sodat vleisproduksie prioriteit kan geniet. Vanuit 'n diereproduksiestandpunt, verlaag hierdie metabolisme oorlewingsmeganisme die produktiviteit en die ekonomie van diereproduksie.

Deur die biologie en meganisme te definieer van hoe HS die dier se gesondheid en produksievermoë benadeel, is krities vir die ontwikkeling van 'n benadering om huidige produksieprobleme te verlaag. Dit is ook 'n voorvereiste om in die toekoms 'n strategie te ontwikkel wat diere se welstand, produksie en die ekonomie van landbou in die algemeen sal kan verbeter. **S**



Adviesdiens vir herkouervoeding

Om die produktiviteit van produksiestelsels vir beeste te verbeter.

- ▶ Voerprosessering, voedingsbestuur en formulering van voere vir volhoubare produksieprestasie
- ▶ Formuleer en verskaf konsentrete om formulasies te komplimenteer



Dr. Kobus Swart 083 262 0946 • kobus@mixcure.co.za



Die mikotoksienrisiko in ruvoer en kuilvoer

HERKOUERS IS UNIEKE DIERE. MET DIE KOMPLEKSE GROOTPENSSTELSEL KAN HIERDIE DIERE ENERGIE EN PROTEÏEN VERKRY UIT RUVOER WAT ANDER DIERE NIE EERS BEHOORLIK KAN VERTEER NIE. RUVOER HET DIE VOORDEEL DAT DIT 'N GOEDKOOP VOERBRON IS VERGELEKE MET ANDER TIPES VOER, MAAR ONS MOET BEWUS WEES VAN DIE MIKOTOKSIENE WAT HULLE KAN BEVAT.

■ **Deur Dr. Timothy Jenkins**
Ontwikkelingswetenskaplike, BIOMIN

Nie net in graan nie

Mikotoksiene is toksiese sekondêre metaboliete wat deur swamme geproduseer word en hulle kan 'n groot impak op die veebedryf hê ten opsigte van veeartsenykoste en swakker diereprestasie. Mense verbind mikotoksiene gewoonlik net met graan. Dit is wel so, maar volledige rantsoene bevat graan, ruvoer en dikwels ook mielie-kuilvoer. Mikotoksiene wat in die graan is, bly gewoonlik ook in die kuilvoer. Mikotoksiene kan egter op ander dele van die plant geproduseer word en nie net op die graangedeelte nie. Dit sluit sommige

van die *Fusarium*-swammikotoksiene in wat algemeen in graan voorkom, byvoorbeeld deksinivalenol (DON, 'n probleem vir dermgesondheid en vatbaarheid vir siektes), searalenoen (ZEN, 'n probleem vir vrugbaarheid) en fumonisiene (FUM, 'n probleem vir dermgesondheid). Daar kan ook minder bekende *Fusarium*-mikotoksiene soos kulmoriënverbindinge en moniliformieë wees. Daar is bewyse dat sommige van hierdie ander verbindinge die effek van DON by diere vererger.

Ruvoer kan ook mikotoksiene bevat van ander swamme wat in of op plante groei. *Tenuasoonsuur* (TeA), wat deur swamme soos *Alternaria* en *Phoma* geproduseer word, is dikwels teenwoordig. 'n

Algemene Phoma-siekte (stamkanker/ Swartstam) op voersorghum beteken

►30



Figuur 1. *Aspergillus fumigatus* is een van die algemeenste mikotoksienproduserende kuilvoerswamme. Dit kan gewoonlik gliotoksien produseer en die longe of spysverteringstelsel van diere met 'n swak immuunstelsel aantast. Dit lei tot bloeding in die dermkanaal.



◀ 29 | Die mikotoksienrisiko

dat dit veral 'n hoë frekwensie van TeA-besmetting het. Nie veel is bekend oor die effek van TeA op herkouers nie, maar dit inhibeer die vorming van proteïene (spiergroei) en is bekend vir hul nadelige uitwerking op die dermwand by pluimvee.

Gras

Spesifieke swamme kan in die lote van sekere grasse groei, soos *Neotyphodium*-spesie op fescuegras, en dit kan toksiese ergotalkaloïede (ergot) produseer wat bewerasie en vasokonstruksie kan veroorsaak en so ook hittestres vererger. Dit kan ook lamheid, mastitis en vrugbaarheidsprobleme aanspoor. In sommige gras- of graangewasse, is daar ook 'n risiko van ander ergotswamme soos die *Claviceps*-spesie, wat ook toksiese alkaloïede kan produseer.

Lusern

Lusern is 'n ander algemene voergewas en dit kan ook deur deoksivalenol (DON), searalenoen (ZEN) en aflatoksin B1 besmet wees. Aflatoksin B1 kan in melk oorgedra word en 'n gesondheidsrisiko vir mense inhou (kankerwekkend). Skenk aandag aan die stoor van ruvoer soos lusern en ander tipes hooi of strooi om die risiko te verminder van *Aspergillus flavus* en verwante spesies wat aflatoksiene produseer. Aflatoksin word gewoonlik geproduseer gedurende swak opbergingstoestande.

Kuilvoer

Kuilvoer bring 'n ander dimensie

van mikotoksienrisiko na vore, aangesien bykomende swamme in die kuilvoerbunker kan groei. Dit is belangrik om nie merkbaar gemufte dele van die kuilvoer te voer nie, aangesien talle van die swamme (soos *Mucor hiemalis* of *Aspergillus fumigatus*) siekte by diere of mense kan veroorsaak, en talle van hulle (insluitend *A. fumigatus*) mikotoksiene kan produseer. *A. fumigatus* is een van die algemeenste kuilvoerswamme en kan gliotoksien produseer, wat die immuniteit van diere kan verswak. Ander algemene kuilvoerswamme sluit in *Penicillium roquefortii* (wat roquefortien C, patulien en mikofenolsuur kan produseer) en *Monascus ruver* (wat sitrinien kan produseer) insluit.

Die beduidendheid van hierdie individuele tipes kuilvoermikotoksiene by herkouers verg meer navorsing, maar daar is genoegsame bewyse dat gemufte kuilvoer oor die algemeen nadelig is. Benewens om nie gemufte kuilvoer te voer nie, is dit belangrik om die risiko van kuilvoerswamme te verminder deur met die regte voginhoud vir kuilvoer te begin (nie te droog nie), die kuilvoer voldoende te kompakteer en dit so lugdig as moontlik te bedek. 'n Doeltreffende kuilvoerinokulant (Biostabil®) is ook belangrik om die stabiliteit van die kuilvoer tydens inkuiling en in die uitvoerfase te verbeter.

Uitwerking op diere

Talle van die mikotoksiene wat in voere teenwoordig is, het 'n nadelige effek op proteïenvervaardiging. Dit beteken dat, soos met talle van die algemene mikotoksiene, die uitwerking dikwels gesien word in die snelgroeiende selle in

die liggaam wat vinnige proteïensintese vereis, dus die dermwand, die lewer en immuunselle. In die meeste gevalle sal die vernaamste mikpunt wees om DON en verwante mikotoksiene doeltreffend te hanteer. DON verhoog die absorpsie van ander mikotoksiene deur die dermwand en die teenwoordigheid van ander mikotoksiene verhoog om die beurt die effek van DON op diere. DON kan nie effektief gebind word deur mikotoksiebinders nie en daarom is nuwe tegnologie nodig om dit met behulp van ensieme onskadelik te stel.

Mikotoksienoplossings

Mikotoksienrisikobestuur vir herkouers moet 'n wye reeks mikotoksiene kan hanteer wat in graan, ruvoer en weiding teenwoordig is, asook mikotoksiene wat tydens stoor en inkuiling geproduseer word. Mycofix® hanteer hierdie bekommernisse met 'n veelvuldige strategie van adsorpsie/binding (doeltreffend op aflatoksiene, ergotalkaloïede en sommige van die tipes kuilvoerswamme), biotransformasie (die unieke bewese vermoë om deur middel van ensieme die mikotoksiene onskadelik te stel), en biobeskerming om die kwesbare selle van die dermwand, lewer en immuunstelsel te beskerm.

Vir meer inligting, kontak Albert van Rensburg en sy span by Biomin Suid-Afrika by 018 468 1455, 018 468 1456 of 083 409 5315, stuur 'n epos aan albert.vanrensburg@biomin.net of besoek die webtuiste www.biomin.net. Verwysings is op versoek beskikbaar. Volg ons op FB: Biomin South Africa. 📱

Mycofix®

Proven protection.



Mycotoxins decrease performance and interfere with the health status of your animals.

Mycofix® is **the** solution for mycotoxin risk management.

BIOMIN Animal Nutrition (Pty) Ltd South Africa
Tel: 018 4681455
office.za@biomin.net

mycofix.biomin.net

Naturally ahead

≡ **Biomin®** ≡



Marscha en haar man Edzard Biermann.

Edzard Biermann

Nie jou gewone B(ie)rman

Jy mag dalk dink dat Senwes produsent Edzard Biermann net 'n gewone buurman is, maar jy sal verkeerd wees. Jy kan dalk dink dat hy gars produseer en dus dalk ietwat van 'n buurman kan wees, maar altemit.

■ **Deur Aubrey Kruger**
Senwes Scenario Redakteur

Maar Edzard Biermann is met sy Duitse bloed en 'n ietwat Skandinawiese naam, 'n Suid-Afrikaanse boer in murg en been. Edzard se naam beteken die een wat sterk afgerond is of 'n sterk raamwerk het. En dit is verseker so.

VAN ELEKTRISITEIT TOT GEVESTIGDE BOER IN 13 JAAR

Hierdie boer het in 2006 elektriese ingenieurswese na 13 jaar vaarwel toegeroep en vuur en vlam begin boer. Maar hy het absoluut niks gehad nie en moes grond in die hande kry: "Laat ek jou vertel, grond is nie jou maat as jy niks geërf het nie," vertel die boer. Hy noem dat die meeste ander boere gewoonlik derde- of vier-

degenerasieboere is, selfs meer. In sy eerste seisoen het hy slegs op 10 hektaar geplant en het nogal gegroei in die laaste 13 jaar tot nou. Hy onthou daardie dae al te goed, "Ek het basies net 'n Volkswagen Jetta gehad en daarmee geboer."

VLAKSPRUIT HET HOM GEBOU

Soos jy links indraai by die plaas Vlakspruit van Edzard en sy vrou Marscha, sien jy dadelik dat hy onder



Daar is sowat 600 Beefmaster Bonsmaras op die plaas.



Senwes Grainlink streeksgraanbemarkingsadviseur Neil Kemp en produsent Edzard Biermann.

"Om te boer is in my bloed, ek het net nie voorheen die kans gehad nie. So baie mense vandag soek net 'n kans om te kan boer en boerderydenkwyses aan te leer."

andere 'n suiker- en sojaboonprodusent is. Hierdie plaashuis van hom is tussen Standerton en Volksrust geleë, sowat 30 km vanaf Standerton en 55 km vanaf Volksrust.

Hy vertel dat hy in die begin alles self gedoen het, van ploeg en plant tot trekkerdiens. Hy spot soos hy noem dat hy met 'n oortrokke rekening boer en nou uitbrei – "FNB het 'n kans op my gevat." Hy het niks gehad nie, geen trekkers, planters, geen grond of beeste nie. Hy het wel so bietjie agtergrond gehad van boerdery met sy pa Johann wat in Groblersdal met tabak, saadmielies en ertjies geboer het.

Hy som homself so op: "Om te boer is in my bloed, ek het net nie voorheen die kans gehad nie. So baie mense vandag soek net 'n kans om te kan boer en boerderydenkwyses aan te leer." Dis hoekom hy dieselfde doen om ander personeel vorentoe te neem. Die boer het nou 'n punt bereik waar hy 1 300 hektaar plant

en 50% op geelmielies fokus en 25% elk op soja- en suikerbone. En met vleismerrino's en 'n kudde van 600 Beefmaster Bonsmaras, het hy sy limiet op die grond bereik.

Om te groei sal ek meer grond moet koop om my kudde na 1 000 uit te brei. Sy raad aan boere in die gebied is om in gedagte te hou dat vir elke 1 000 hektaar grond wat jy aankoop, moet jy op sowat 600 hektaar plant met die ander 40% wat weiding moet wees om 'n suksesvolle gemengde boerdery op die been te bring. Die lande betaal jou premie. "Mense sê grond is deesdae goedkoop. Maar waar is daardie grond? Gaan soek dit vir my." Vir hom is die ander opsie om meer na Vrede, Memel en Ermelo se kant toe te boer.

SUKSES, WAAGMOED EN UITHOUVERMOË

Sy sukses is deels te danke aan die feit dat hy die basiese beginsels van boer-

dery toepas - dit is die kruis. Hy glo ook in kalk en het die pH-vlakke van die grond verhoog vanaf 4.3 tot en met vandag se 5.4. Anders as ander produsente, gooi hy ook kalk op huurgronde en stroop tot sowat 10 tot 11 ton mielies per hektaar op van die lande.

Hy het sy plaas by 'n ander produsent gekoop en het gebewe toe hy daardie tjek uitskryf, maar nou kyk het net met goeie herinneringe terug na daardie waagstuk. "Want dit was 'n groot kans wat ek gevat het om te besluit om te boer."

UITDAGINGS

Hy het in totaal 11 nedersettings op sy plase, wat uitdagend vir die meeste produsente sal wees. "Ek neem eienaarskap oor my plaas." Hy erken dat dit problematies kan wees met veldbrande, diefstal, ensovoorts, maar hy is reg met sy "dag-en-nag sekuriteitsplanne". Soos hy die een diefstal fnuik, steek dit net weer



Suikerbone is een van die gewasse wat Edzard Biermann verbou.

◀ 13 | Produsent Edzard Biermann

kop uit op 'n ander plek, maar hy smoor dit met elektriese heinings, kameras en brandbestryders.

Hy het besluit om hierdie seisoen na Senwes te skuif om voordeel te trek uit die vervoerdifferensiaal en dis die bankbalans en diens wat die verskil by hom sal wees. Hy het juis Senwes streeksgraanbemarkingsadviseur, Neil Kemp, se woorde ter harte geneem: “Kom probeer ons uit.”

Sy plan is om oor die volgende paar seisoene store en damme op te rig en die graan dan deur te vloei na Senwes.

FAMILIE EN BOERDERY

Hy boer saam met sy vrou Marscha en twee kinders Bregithé (8) en Adolf (4) en vir Neil is dit wonderlik dat Marscha so deel is van die boerdery en ingelig is rakende alle aspekte. Edzard geniet dit om saam met haar te boer. “Hoe harder jy werk, hoe beter sal dit met jou gaan.” Sy ander wenk is dat baie mense sê die Here sal jou seën, maar jy moet Hom plek gee om jou te seën.

Pioneer doen ook gereeld proewe op sy plaas vir die afgelope 6 jaar en wat vir hom belangrik is, is dat dit intydse data

en inligting van sy plaas is. “Kennis is mos mag.” Dis nie proefinligting op 'n ander se plase soos by menigte boeredae beskikbaar gestel word nie, dis op sy plaas. Hy het jare lank self aan sy 4440 John Deere trekkers gewerk sodat dit die volgende oggend dou voor dag weer kon loop. Sy broer Frederich help hom ook met die instandhouding.

Sy laaste raad is om die beste te maak met dit wat jy het. Dit doen hy verseker.

Boer so voort Biermann! **S**

**Astral en Meadow Feeds wens
graag vir Senwes geluk met
110 jaar van sukses in landbou.**





OLDMUTUAL

ELKE PLAAS HET SY EIE UNIEKE VERSEKERINGSBEHOEFTE

Jou landbou-besigheid het spesifieke versekeringsvereistes. Daarom moet jy die regte vennootskap hê. Old Mutual Insure se dekking is ontwerp om jou presies te gee wat jy wil hê, omdat ons verstaan wat jy nodig het. Dit is eenvoudig. Dit is gerieflik. Dit is doeltreffend. Met ons rekord van ervaring en kundigheid, sal jy weet dat jy op ons kan staatmaak.

Die ongelooflike dinge wat jy môre doen, begin met die klein treë wat jy vandag neem. Neem daardie stap met Old Mutual Insure. Die tyd is nou.

Gesels met jou makelaar of besoek ominsure.co.za om daardie eerste stap te neem.  



INSURE

DOEN DIE ONGELOOFLIKE ELKE DAG

Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure, 'n Gemagtigde Finansiële Diensteverkaffer (FDV 12)



LANDBOUKREDIET

‘n Paar feite uit die verlede

1939 - 2018

TUSSEN 1939 EN 2018 WAS DIE OMVANG VAN KREDIET VIR SOMERGEWASSE SOOS VOLG:

1939: Somergewasse £ 400 000

1955: Somergewasse £ 10 000 000

2018: R1.8 miljard

1944

Mielieraad het 'n eenkanaalbemarkingstelsel geïmplementeer.

1950

Sentraboer word gestig om die oeste en bates van boere te verseker.

1969

Sentraboer lewer 'n diens aan boere vir omvattende oesversekering.

1984 - 1989

Tussen 1984 en 1989 subsidieer die staat rentekoerse.

1991

Die staat onttrek uit die staatswaarborgskema en boere word ongeveer R375 per hektaar vergoed. Geen staatshulp word verder verleen nie.

1991 - 1995

Boere doen aansoek vir artikel 21 (skikings) by die ou LKG-Raad.

1995 - 1997

Die Mielieraad word ontbind en die vryemarkstelsel word gebore.

1995 - 2010

Rolspelers soos Verus Farms, Farmsecure, Vrystaat Mielies, ensovoorts tree toe tot die toestaan van produksiekrediet. Hierdie rolspelers het klaar uit die landboumark getree.

1997

Senwes word 'n maatskappy en die ledefondse word omgeskakel na aandele.

2001 - 2002

Senwes se kredietbeleid word herskryf.

2000 - 2003

Opruiming van die kredietbeleid vind plaas.

2003 - 2005

Die Kredietwet word in 2005 geïmplementeer sowel as die FICA-wetgewing in 2003.

2006

Die verhoudingsmodel word uitgerol. Sleutelrekeningbestuurders word aangestel om klante op individuele vlak te diens. Senwes Asset Finance, 'n gesamentlike onderneming met Wesbank, word gevestig. Senwes Credit se geografiese gebied word uitgebrei na Hertzogville en Hoopstad en daarna na die res van Suidwes Landbou- en NWK se gebiede.

2007-2008

Termynlenings word deel van Senwes Credit se waardeproposisie.

2016 - 2017

'n Klemverskuiwing na die verskaffing van geïntegreerde finansieringsoplossings vind plaas.

2018

Senwes Credit brei uit na die Oos-Kaap.

Source: *Time cultivates winners. Senwes - A century of agriculture* by Elize S van Eeden

CONGRATULATIONS SENWES ON YOUR 110TH BIRTHDAY!

PREMIER FMCG. BEING THE BEST BY GROWING OUR PEOPLE AND BRANDS, CUSTOMERS AND THEIR CUSTOMERS, AND THE COMMUNITIES IN WHICH WE OPERATE.



too fresh to flop



Gauteng-based Premier FMCG (Pty) Limited was founded over 195 years ago. Premier FMCG strategically repositioned itself in 2012 as a leading FMCG player by expanding from traditional milling and baking into confectionary, home and personal care brands. Premier has operations and distribution facilities throughout South Africa, Lesotho, Mozambique and Swaziland, and a home and personal care business in the United Kingdom and exports into markets within the broader SADC region, Middle East, China, Ireland and other EU markets.

Today, Premier produces and markets iconic South African brands such as Snowflake, Blue Ribbon, BB Bakeries, Star, Mister Bread, Iwisa, Nyala, Super Sun, Invicta, Manhattan, Super C, Lil-lets, Vulco and Dove cotton wool; as well as leading brands in Mozambique which include CIM, Florbela, Favorito, Polana, Top Score & Celeste; and in Swaziland which include SUB, Top Score, Bakers Pride & Ligugu.



Standerton stel die standaard

Senwes Grainlink nou ook in Kosmoswêreld

Jy kry mense wat ander volg en dan kry jy mense wat die standaard daarbuite stel, en Standerton is beslis 'n leier op baie gebiede. Sowat 'n jaar gelede het Senwes Grainlink juis Mpumalanga, en spesifiek Standerton, betree en klaar maak die span 'n verskil daar. En met dié fokus *Senwes Scenario* op die Mpumalangastad asook op een van ons produsente daar, Edzard Biermann.

■ **Deur Aubrey Kruger**
Senwes Scenario Redakteur

Die stad Standerton staan al sterk sedert 142 jaar gelede toe dit op die plaas Grootverlangen aangelê is en, vir geskiedkundiges, is die plek vernoem na kommandant Adriaan H. Stander, wat die oorspronklike eienaar van hierdie plaas was. Standerskop, 'n heuwel naby die dorp, wat sowat 1 640 m bo seespieël is, is ook na hom vernoem. Tydens die eerste Vryheidsoorlog het die boeremagte ook hier op die Britse magte gevuur.

SENWES GRAINLINK

Die Senwes Grainlinktak is al sedert 2018 in Standerton gesetel. Neil is die streeks-graانبemarker hier, met Joellen wat die administrasie en kontrole doen.

VORDERING

Met geen klante 'n jaar gelede het hulle

nou amper 70% van die betrokke klante in die gebied al persoonlik gaan ontmoet, hul inligting opgedateer en hulle herbezoek, met baie wat al klaar opgetekende Senwes klante is. Maar daar is ander wat u alreeds ken.

BEKENDES VAN DIE GEBIED

Baie Suid-Afrikaners onthou ons hertoetredede tot internasionale rugby en ons eerste wêreldbeker rugbywedstryd was teen Australië, waar Pieter Hendriks om die beroemde David Campese gehardloop het om sy indrukwekkende drie te druk en ons aanspraak op die titel duidelik te maak. Dit was 'n katalisatoroomblik wat tot die titel gelei het. Hy is 'n staatmaker Standertonner. Dan is nog 'n Springbok, Jaco Kriel, ook deur die skoolbanke in Standerton met nog rugbysterre soos Quinton Swartz en Howard Mnisi wat hierdie water gedrink het. Ons bly by rugby met internasionale skeidsregter Mark Lawrence, wat die fluitjie in die 2003

en 2007 wêreldbekertoernooie geblaas het en wat ook 'n trotse Standertonner is.

Terwyl Standertonmense duidelik hul man kan staan, kan hierdie mense ook hulle lywe behoorlik laat draai met Afrikaanse sanger Pieter Koen, wat bekend is vir sy "Skud jou Biscuit" en vele ander treffers, wat ook van Standerton is. En te oordeel aan die advertensieborde in die stad, is daar baie ander Pieters buiten Hendriks en Koen.

Dan is baie van ons landsburgers bekend met die oggendprogram Morning Live - die aanbieder Sakina Kamwendo, is ook 'n Standertonner.

OU GEBOUE EN INTERESSANTHEDE

Op die bult is die Meadows aanleg, wat uittroon bo die gebied. Dis natuurlik die groot graankontrak wat Senwes losgeslaan het en wat Neil en Jolien onder andere diens.

Standerton is letterlik oortrek met ou kerkies en geboue - 'n ware pot vol



Die Landdroeskantoor is half weggesteek tussen die bome in die stad en is in 1997 gerestoureer.



Die Tradevantage/ Meadows-kontrak word ook in die area deur Senwes Grainlink se Neil Kemp gediens.



Plaaslikes ken die bekende Krugerbrug wat uit 1901 dateer.

ontdekkings. En as plaaslikes se woord geneem kan word, is daar nie minder nie as 28 klein gemeentes in 'n baie klein gebied in die stad. Ons het 'n hele paar afgeneem, wat dan ook in die uitgawe verskyn. Nog 'n mooi gebou is die Landdroeskantoor, wat in 1997 gerestoureer is en die personeel neem jou gewillig op 'n toer deur die gebou. En as jy in een van die oudste strukture kan tuisgaan, naamlik Die Kliphuis Gastehuis in Caledonstraat, voel dit komplete of jy die oudheid kan aanvoel met die huis wat al vir meer as 'n eeu as kraamhuis, herberg vir jong dames asook tydens die Anglo-Boereoorlog gebruik is.

Ons bly by geloof. Die area se leuse is Deo Favente - 'n Latynse gesegde wat God se seën beteken. Het jy geweet dat dit die oorspronklike voorgestelde woorde vir die was Groot Amerikaanse Seël voordat daar op "In God We Trust, Ons vertoue is in God", besluit is.

Nog 'n interessantheid is die Grootdraaidam buite Standerton. Die dam bestaan al 37 jaar nadat dit in 1982 voltooi is en vertoon kolossaal met 'n damwal wat 2 180 m lank uitstrek en 42 m hoog pronk en 'n massiewe 364 miljoen m³ water kan hou. Dit beslaan 'n oppervlakte van nagenoeg 5 500 ha as dit vol is.

Ons gaan af met die Vaalrivier na die stad se kant toe en daar is die ou Kruger staalbrug wat uit 1891 dateer, half weggesteek onder die nuwe brug. In die konsentrasiekamp begraaftplaas kan die grafte gevind word van 857 mense wat omgekom het vanaf 1900 tot 1903.

MEER OOR DIE GEBIED

Neil vertel dat baie boere in die gebied rondom 40 jaar oud is en baie noem dat hulle meestal op geelmielies en sojabone fokus, met ander wat ook suikerbone verbou. Snaaks genoeg is sonneblom in

dié area nie volop nie, met net so 1% wat 'n bietjie van die gewas aanplant omrede die duiwe in die gebied daarop toesak. So is die laaste sonneblomme wat jy sien in die Balfour en Greylingstad omgewing. Witmielies is ook nie gewild nie, met slegs sowat 5% wat dit aanplant.

Buiten die besoek van produsente, die diens van die Tradevantage/Meadows-kontrak van Tradevantage, besoek Neil baie kliente tot so ver as Volksrust en omgewing. Vir die wat nie weet nie, dit is amper op die grens waar die KwaZulu-Natal, Mpumalanga en die Vrystaatse grense ontmoet. Interessant is dat van die produsente hier in die laaste 13 jaar sowat twee swakker jare of naby misoeste gehad het vanweë te veel reën en die plante gevrot het. Iets wat ons in die Noordwes, Vrystaat en Noord-Kaap nie ken nie.

Buiten landbou en geboue is sport nog



Die Standertonse Konsentrasiekamp.



Die Senwes Grainlink kantore in Standerton.



De Drie Jarigen Oorlog (1899-1902) word gedenk.

◀ 37 | Standerton

'n belangrike deel van die dorp. Gholf is een van die oudste sportsoorte en hier is dit ook die geval. Die Standerton Buiteklub is in 1904 gestig en het sowat 150 lede, maar het ongelukkig einde 2018 afgebrand. Dan is daar ook ander

klubs soos krieket, tennis, boot, bass, modelvliegtuie en vir die langasems 'n marathonklub, wat die bekende Goldi 4-in-1 Marathon in Maart aanbied. Vir die kortasems het parkrun SA ook sowat 'n jaar terug 'n tak in die geweste geopen.

Die Kosmoswêreld rond die mielelande en die paaie in hierdie gebied ook baie mooi af met die verskillende kleure wat langs die pad gevind word.

Sterkte met die graanbedryf in hierdie gebied Senwes Grainlink. Laat die tonne inrol Standerton! 

STANDERTON: PERSONEEL

SENWES GRAINLINK: STANDERTON

Waar: Kerkstraat 6A, Standerton.

Kontaknommer: 017 712 1106



NEIL KEMP

**Senwes Grainlink:
Streeksgraanbemarkingsadviseur**

 060 966 6892 • 017 712 1106

 neil.kemp@senwes.co.za



JOLIEN ENGELBRECHT

**Senwes Grainlink: Administrasie en
Kontrole**

 084 514 1988 • 017 632 1106

 jolien.engelbrecht@senwes.co.za

Ontsluit jou potensiaal met DEKALB®-innovasie



DEKALB® saad bied die genetica en innovasie vir jou oes terwyl jy kan staatmaak op al die ondersteuning en kundige advies wat jy nodig. Maak staat op **DEKALB®** – die innovasieleier.



ACCELERON
SEED APPLIED SOLUTIONS

YieldGard®
MAIZE 2

Roundup
Ready®
MAIZE 2

Acceleron®, Roundup Ready® MAIZE 2 en YieldGard® MAIZE 2
is geregistreerde handelsmerke van Monsanto Technology LLC.

DEKALB® is 'n geregistreerde handelsmerk van Monsanto Technology LLC. Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.

www.dekalb.co.za [DEKALB South Africa](#)

[f DEKALB SA](#) [@dekalbsa](#) [@DEKALB SA](#)



Grainovation se nuwe besturende direkteur, Johan Peens (middel), met Japie Hattingh - Eksterne Kontrakbestuurder (links) en Johann Roux - Operasionele Bestuurder (regs).

Militêre presisieoggga byt Grainovation

Grainovation se nuwe Algemene Bestuurder, Johan Peens, is deur die logistiekoggga gebyt toe hy by die weermag aangesluit het en hy sewe jaar spandeer het om alles rakende die bestuur van verskafferskettings, logistiek en die pakhuisbedryf op groot skaal geleer het.

■ **Deur Marlon Abrahams**
Senwes Scenario Hoofredakteur

“**N**a skool het ek my basiese opleiding in die weermag gedoen en daarna is ek uitgeplaas na die logistieke afdeling. Ek het gedurende die tyd ook my BCom in Logistiek deur Unisa behaal.”

Hy het in Desember 2018 by die Grainovation span aangesluit na 'n 5-jaar periode as algemene bestuurder van die Agri-afdeling by Barloworld Transport. “Voor dit was ek by Unitrans, vir ongeveer ses jaar, ook betrokke in logistiek en die vervoer van veevoer en pluimvee”, sê Johan.


Johan erken dat die skuif van Johannesburg na Klerksdorp as 'n groot stap beskou kan word. “Maar die uitdaging om 'n besigheid te bestuur wat sy eie entiteit is, was onweersaansbaar. Grainovation word op 'n 50/50-basis deur Senwes en Imperial Logistics besit en logistiek is wat ons doen. Dit was hierdie uitdaging wat die skaal geswaai het met betrekking tot my besluit om die pos te aanvaar en, natuurlik, om aan die ander kant van die voorsieningsketting te wees.”

Grainovation se hoofkantoor is in Klerksdorp en die maatskappy het 'n vloot van 41 voertuie wat 30% van die 170 000 ton wat hulle maandeliks skuif, vervoer. Die res word deur hul makelaarsafdeling gedoen per pad- (sub-kontrakteurs) en spoorvervoer.

“Ons korttermyn doelwit is die optimale allokering van ons vloot, terwyl die langtermynplan is om die besigheid en die Grainovation handelsmerk uit te brei met meer eksterne volumes,” sê Johan

“Die logistieke mark is uiters prys sensitief, maar ek glo dat ons 'n voorsprong het met betrekking tot effektiwiteit en die feit dat ons kan aflewer wat ons belowe en betyds ons aflewings kan doen. Ons voertuie is van 'n baie hoë standaard en word onberispelik onderhou. Die voertuigdienssentrus het ook 'n nasionale voetspoor, wat herstelwerk en onderhoud-omdraaiye baie effektief maak..”

Vir meer inligting oor Grainovation se logistieke oplossings, skakel 018 464 7800 nou !



THREE SIX FIVE

EVERYDAY WARM WORKWEAR

JONSSON®
WORKWEAR

jonssonworkwear.com

13 JAAR VAN DIE "SPEL VAN HERE"

SENWES WAS TROTS OM WEEREENS GASHEER TE SPEEL VIR DIE SENWES SPINNERS KRIKETONTWIKKELINGSPROGRAM WAT 13 JAAR GELEDE GELOODS IS IN VENNOOTSKAP MET NOORDWES KRIKET. HIERDIE JAAR SE TOERNOOI IS VANAF 15 TOT 17 MAART 2019 IN POTCHEFSTROOM GEHOU.

■ **Deur Mbali Skosana**
Senwes Joernalis

Die Senwes Spinners program is deel van Senwes se Korporatiewe Sosiale Beleggingsinisiatief

en fokus daarop om kinders uit plaasgemeenskappe die spel van krieket te leer, met belangrike lewensvaardighede in die proses. Die program gun onderwysers ook die geleentheid om deel te neem aan die Vlak 1 Krieket SA afrigtingskursus.

'n Voormalige Senwes Spinner, Katlhego Sebigi, skryf die verbetering van sy krieketloopbaan aan die Senwes Spinners program toe. Hy was deel van die 2006 toernooi en is nou 'n afrigter by Manana Primary School en Lichtenburg Hub.

► 46



Knowledge grows



Verbind tot 'n wêreld sonder
voedsel-tekort ... respek vir
ons planeet.

Tel: +27 (0)31 910-5100

E-pos: animal.nutrition.sa@yara.com

www.yara.co.za/animal-nutrition/

BLOU

IS 'N 7-LETTER WOORD.

En daardie 7-letter word is **Willard**.

Die nuwe beperkte uitgawe **Willard® BLOU Battery** is nou beskikbaar by geselekteerde afsetpunte. Koop vandag jou **Willard® BLOU Battery** en lewer jou bydrae om die bedreiging wat plastiek aan ons oseane en strande veroorsaak, te beperk.

Willard. Die laaste woord in aansitkrag.



98%
hersikleerbaar

Willard Batteries®
THE POWER OF TECHNOLOGY

 willard.co.za

Blue Willard Batteries®

◀ 44 | 13 Years

Tydens die jaar se toernooi het Sebigi aangedui dat hy dankbaar is vir die geleentheid wat Senwes en Noordwes Krieket hom gegee het.

Tien plaasskole uit die Vrystaat en Noordwes het aan vanjaar se toernooi deelgeneem en tydens die amptelike verwelkoming het Johan Grobler, Senwes Hoof van Groep Korporatiewe Bemaking en Kommunikasie, die seuns aangemoedig om te "fokus, te konsentreer en die spel te geniet!" Johan het bygevoeg dat hulle soveel as moontlik moet leer sodat hulle dit terug kan neem na hul gemeenskappe.

Moenie die volgende uitgawe van Scenario met die nuus oor die weners van die toernooi, mis nie.

S

vir meer foto's ➤ 57



Seuns van die Laerskool Tlhabologo na 'n wedstryd.

"You cannot afford NOT to use a quantity surveyor"



Senwes, baie geluk met 110 jaar se bydrae tot Suid-Afrika se voedselsekerheid.

Mag julle van krag tot krag gaan.



IND
HAVINGA OLIVIER
BOUREKENAARS - QUANTITY SURVEYORS

Ons doen finansiële beplanning en kontrole van 'n wye verskeidenheid projekte:
grondboonaanlegte, graansilo's, kantoorblokke, werkswinkels, abattoirs, hoenderplase,
motorhandelaars en universiteitsgeboue.

Tel: 018 468 8501

John Deere “Connected Support”

Kry data op jou slimtoestel met JDLink

- Monitor masjienfoutkodes
- Monitor die masjien se skerm
- Monitor masjienbewegings, werksgeskiedenis en dokumentasie
- Monitor brandstofvlakke en algemene masjiendata



1909 - 2019
110

KONTAK JOU NAASTE SENWES EQUIPMENT
BEMARKER VIR MEER INLIGTING

Breek steeds nuwe grond



Landboutegnologie het in die laaste **110 jaar** ontwikkel van basiese implemente tot hoogs tegnologiese presisieboerdery – ’n hulpmiddel wat die produsent in staat stel om die optimum opbrengs op belegging te realiseer. Skakel ons inbelsentrum by 018 464 7550/3.



www.senwes.co.za





Senwes nou in die Oos-Kaap!



Johan Jacobs, Senwes Streeksbestuurder: Agri het onlangs sy kantoor na die Oos-Kaap verskuif as gevolg van Senwes se uitbreiding na dié gebied. Senwes Scenario het met hom gesels om 'n duidelike beeld te kry van wat hierdie skuif vir die maatskappy beteken en ons potensiele nuwe verhoudings met kliënte in die gebied.

■ **Deur Kefiloe Manthata**
Senwes Joernalis

Johan het verduidelik dat die doel van die skuif na die Oos-Kaap was om die Senwes handelsmerk in die provinsie uit te brei deur die geïntegreerde klanteoplossingsmodel en dat dit sy werk is om hierdie skuif te fasiliteer en om die kommunikasiekanaal tussen die maatskappy en sy bestaande klante, sowel as potensiele nuwe klante, oop te maak..

Ten opsigte van die uitdagings wat hulle moet hanteer as 'n nuwe tak, het Johan gesê dat die grootste uitdaging die feit is dat die tak so afgeleë is en 'n pionier

in die gebied is. "Ons werk in 'n baie komplekse besigheidsomgewing weens die groot gebied en geweldige afstande vanaf groot sentra soos Oos-Londen en Bloemfontein. Produsente het gevolglik baie unieke besigheidsoplossings gevind om besigheid in die waardeketting te doen. In die lig hiervan is dit 'n groot uitdaging om die unieke besigheidsmodel van elke klant te verstaan ten einde waarde te kan toevoeg", het hy gesê.

Die groei en sukses van die Senwes Equipment-takke in Aliwal-Noord, Ugie en Oos-Londen het 'n goeie basis gevestig vir die uitbreiding van die besigheid na die Oos-Kaap. Die plan is dat Senwes 'n strategiese besigheidsplan vir die

Oos-Kaap sal ontwerp om 'n gefokusde wyse van besigheid daar te stel en om geïntegreerde oplossings vir ons klante te waarborg, wat nie net waarde tot hul besighede sal toevoeg nie, maar wat ook sal bydra tot die volhoubaarheid van hul besighede.

Klante wat in die Oos-Kaap en omliggende gebiede gebaseer is, kan nou vinniger reaksie van 'n toegewyde span verwag, wat daarna strewende om klanteoplossings met die Senwes waardes as basis, te bied.

Die Senwes Oos-Kaap tak is in Ugie geleë en Johan Jacobs kan gekontak word by 083 290 8576 of 074 153 6775. 

«Nuwe perspektief, nuwe insig.»

Gratis toegang vir
Kynoch-klënte.*

KynoPrecise™ Neem ingeligte besluite.

Kynoch is aan die voorpunt van innovasie en die nuutste wetenskaplike en tegnologiese ontwikkeling om jou te ondersteun in jou soeke na maksimum winsgewendheid. Met **KynoPrecise™** kry jy toegang tot plekspesifieke inligting sodat jy die regte keuses vir jou plaas kan maak.

Die **KynoPrecise™** -programmatuur sluit die volgende in:



KynoRover™

- Op jou slimfoon of tablet vir uitstekende mobiliteit vir gebruik in die veld.
- Alles wat jy nodig het, bv. navigasie, monsterneming, verkenning, verslae, ens.



KynoEye™

- 'n Webblaaier waar jy al die beskikbare inligting op een plek kan kry, bv. grondkaarte, satellietbeelde, opbrengskaarte, ens.



KynoAnalytics™

- Die allernuutste in die integrasie en opeenstapeling van data om die verband wat daar tussen die verskillende faktore op jou plaas bestaan, betekenisvol te ontleed.

KynoPrecise™ gee jou plekspesifieke insig en die nuutste inligting sodat jy ingeligte besluite kan neem.

* Bepalings en voorwaardes geld. Kontak u naaste Kynoch-agent of Kynoch-landboukundige.

Kynoch – verbeterde doeltreffendheid deur innovasie.

011 317 2000 | info@kynoch.co.za | www.kynoch.co.za



Kynoch

KynoPrecise™



Dipsie is nou die vertoonvenster van hierdie stoet

Foto's van Dipsie is deur verskeie fotograwe verskaf. Dankie aan Wayne Southwood, Simmertaler SA, Hinterland @ Alfa en Aubrey Kruger vir die foto's.

Die wêreld van stoetteling en die teel van kampioene het verskeie invalshoeke. Elke boer en teler is deeglik daarvan bewus en besluit self waarop om te fokus. Vir Chris en sy seun Pieter Oelofse, die eienaars van Dipsie, die koeikampioen by die 2018 Hinterland Interraskampioenskappe @ Alfa, is sy die toonbeeld van die ideale Simmentalerkoei.

■ **Deur Aubrey Kruger**
Senwes Scenario Redakteur

Die Lichtenburgers som dit op dat Dipsie se verhaal eintlik 'n uitvloeisel van amper 40 jaar se harde werk en sweet is. Reeds in 1980 het Chris se pa, Piet, die verhaal begin toe hy die Taaibosspruit Simmentalerstoet gevestig het. Hy het in 1967 sy eerste Simmentalerbul op die Randse Paasskou gekoop. Hoewel hy aanvanklik op Simmentaler-Afrikanerkruisings gefokus het, het hy vroeg reeds die meerderwaardige prestasie van Simmentalers besef en weldra slegs op Simmentalers gekonsentreer.

En die wenners is...

Toe Pieter die trofee as 2018 Hinterland Interraskampioenskappe @ Alfa se Koeikampioen te Parys in ontvangs

geneem het, was dit half onwerklik - "n Geweldige gevoel van trots en dankbaarheid" het hom oorweldig.

Wat Dipsie (PJO1265) vir hulle besonders maak, is dat sy die uiteindelijke wenner was uit die poel van vroulike diere van alle rasse wat gedurende 2018 aan al die skoue in Suid-Afrika deelgeneem het. Sy is dus met reg die kampioen van kampioenkoeie in die land.

Baie doelwitte in een gevleg

Maar voor jy dink dit is groterpraterij - hulle voel só 'n koei se wenprys is nie soseer net haar eie nie, maar is eerder gemik op "hoe sy in die toekoms gaan teel, dus op haar toekomstige generasies."

By stoetteling is daar baie doelwitte wat nagestreef moet word. Een daarvan is om die langslendigheid van die ras te verbeter. Dipsie kom uit 'n geslag koeie wat lank leef. Beide haar oumas leef nog

met Erna (PJO03208) en Difra (PJO0468) wat onderskeidelik bykans 16 en 15 jaar oud is en beide oumas is tans nog in produksie.

Taaibosspruit verkoop hoofsaaklik geregistreerde bulle vir gebruik in kommersiële kuddes. Die ekonomiese voordeel vir 'n eienaar van 'n bul met 'n langer produktiewe lewe, hou ooglopende finansiële voordele vir sy eienaar in: "...hoe langer die produktiewe lewe van 'n bees, hoe beter vir hulle gewaardeerde klante. Dis mos 'n baie goeie verkoops punt", noem Pieter, wat die bemerkingskant hanteer.

Besondere Dipsie

Dipsie is "regtig spesiaal. "My pa het haar al sedert haar geboorte geormerk as 'n kampioen", noem Pieter. Dipsie het buiten by Hinterland ook verskeie ander kampioenskappe ingepalm waaronder



A long-term partnership that never stops growing

When a partnership stands the test of time, it becomes more than just about providing a product or service.

It's about offering our expert advice and insights that provide a deeper understanding of the sectors in which we serve and offering tailor-made solutions to suit our client's individual needs.

Technology changes, so do we. Climates change, we adapt.

With the constant changes in the agricultural sector, we'd like to congratulate Senwes on reaching their 110th anniversary, and we'll continue assisting them on their journey as they grow to their full potential.

Corporate and Investment Banking

absa.co.za/cib

◀ 50 | Dipsie

Lichtenburg, Bloemfontein, Royal en Nampo. Wat maak haar so spesiaal? Wel, sy is 'n mediumraamkoei, het 'n goeie uier met baie melk, goeie konformasie, diepte en breedte en is struktureel korrek. 'n Uitskieter in die ware sin van die woord! Dipsie gaan gebruik word vir embriospoeling om soveel as moontlik van haar besondere genetiese in die stoet te vermeerder. Verder het Paddy, Dipsie se 2018-bulletjie, boonop die potensiaal om in haar spore te volg. Hulle sê mos, elke bul se ma is 'n koei maar in dié geval is dit Dipsie, 'n kampioenkoei.

Hinterland Interraskampioenskappe @ Alfa

Hinterland bied met hulle kampioenskappe 'n wonderlike vertoonvenster vir kampioene van alle rasse. Skou, soos in die Oelofs se geval, is 'n sinvolle bemarkingsgeleentheid. Alhoewel daar

addisionele koste aan skou verbonde is, oortref die voordeel wat hierdie stoet uit skoudeelname verkry, die uitgawes verbonde daaraan. Die feit dat Dipsie so uitstekend presteer het, het haar waarde aansienlik verhoog. "Wie sou van haar geweet het as sy nie hierdie skouprestasies behaal het nie?," vra Chris. Te danke aan Dipsie se prestasies is haar ma, Dittie, onlangs op 'n veiling vir 'n uitsonderlike hoë prys aan 'n Simmentalerteler verkoop. Maar dit gesê, is kompetisies, verskoon die woordspeling, vir hulle nie die alfa en die omega nie.

Raad aan nuwelinge

Chris is positief oor stoetteling en beveel dit graag aan vir beesboere met 'n liefde vir Simmentalers. Onthou, die loopkoste van stoetbeeste is dieselfde as vir kommersiële beeste. Stoettelers kan hoë pryse behaal vir diere wat geneties meerderwaardig is, terwyl kommersiële beeste, ongeag hul kwaliteit, 'n plafon het

waarteen hul verkoop.

Hulle raad aan toetreders is eenvoudig: Moenie noodwendig die duurste diere op veilings koop nie, moenie toppryse najaag nie en vermy oorhaastige koop-transaksies. Besoek verskeie kuddes en streef daarna om struktureel korrekte diere met goeie teelwaardes te koop. 'n Belangrike brokkie raad van Chris is om die beste bul wat jy kan bekostig, te koop en van KI gebruik te maak om nageslag van geneties meerderwaardige bulle te teel. Deelname aan prestasietoetsing is ook onontbeerlik. Laastens beveel hy aan dat jy jou oë en ore oophou en na die mark luister.

Die Oelofs se voel die lof kom nie hulle alleen toe nie, maar ook elke personeelid, in besonder Jors Kgosietsile, haar hanteerder, wat 'n aandeel in Dipsie se prestasie gehad het. Met die passie van Pieter, en 'n bietjie geluk, gaan hulle die toekoms in om hopelik nog vele trofee in te palm. Teel so voort Oelofses! **S**

Ontsluit jou potensiaal met **DEKALB®**-innovasie



DEKALB® wens graag vir **Senwes Scenario** geluk met hul 110de bestaansjaar.

DEKALB® is 'n geregistreerde handelsmerk van Monsanto Technology LLC. Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021.



www.dekalb.co.za



DEKALB South Africa



DEKALB SA



dekalbsa



@DEKALB_SA

ACCELERON[®]

SEED APPLIED SOLUTIONS



Acceleron[®] – die saadbehandelingspakket wat help om die prestasiepotensiaal van die **DEKALB[®]**-saad wat jy plant van meet af aan te vergroot. Deur jou saad vroeg in die seisoen teen 'n verskeidenheid van nematodes, insekte en grondgedraagde siektes te beskerm, optimaliseer **Acceleron[®]** vroeg in die seisoen reeds plantestand, eenvormigheid en groeikragtigheid vir verhoogde opbrengspotensiaal.

Acceleron[®] die eksklusiewe saadbehandelingspakket. Voordelig vanaf dag een.



DEKALB[®] en Acceleron[®] is geregistreerde handelsname van Monsanto Technology LLC.
Monsanto Suid-Afrika (Edms) Bpk, Posbus 69933, Bryanston, 2021



Gister se oomblik

Net soos die winter al nader kruip, kruip die volgende jagseisoen al nader. Net so opgewonde soos laas jaar voor die jagseisoen, kan ons die jaar ook nie meer wag dat die eerste koue moet kom nie. Want ons wil weer, net soos laas jaar, veld toe! Moontlik is die jaar se jag op presies dieselfde plaas as die vorige paar jaar, of dalk op heeltemal 'n ander plek. Maar sodra die winter aanbreek, wil ons in die jagveld wees.

■ **Deur Jan-Lodewyk Serfontein**
Jagkenner

Vir nuwe jagters is die winter se opgewondenheid te danke aan die onbekende. Wat alles in die jagveld plaasvind, het hulle nog nie ervaar nie. Tyd in die veld deurbring en wat die veld gaan oplewer is iets wat hulle nog net van gehoor en gelees het. Hierdie onbekende ervaring, wat deur

baie vertel is, maar nog nie ervaar is nie, maak die nuwe jagters opgewonde. Hulle wil ook daardie oomblik ervaar waavan hulle vertel word.

In 1992 het ek vir die eerste keer ook die onbekende gaan ervaar. Tussen Hotazel en McCarthy'srus in die Noord-Kaap ervaar ek vir die eerste keer 'n regte jag. As 'n jong skoolier was die naweek vir my een groot klaskamer. Die tyd in die veld was vir my 'n eerste ervaring van

baie onbekendes. Wanneer ek vandag terugdink aan my groot klaskamer van 1992, besef ek dat dit die begin was van meeste onvergeetlike oomblikke in my lewe. Oomblikke wat ons jaar na jaar weer terugvat veld toe, op soek na nuwe en beter oomblikke.

In die veld het ons al baie oomblikke gehad wat ons vir altyd wil onthou en weer wil ervaar. Sekere ervarings en oomblikke bly vir ewig by jou. Soos die



reuk van 'n kampvuur met die moerkoffiepot wat rustig eenkant op die kole staan. Die reuk van nat grond as dit die vorige aand gereën het. Die vars reuk van stokbrood en stroop langs die kampvuur.

Net soos wat sekere reuke goeie herinneringe terugbring, is daar ook prentjies in die veld wat vir altyd onthou word. 'n Groot kremetartboom in die bosveld is eie aan die omgewing. Waar anders kry jy so 'n mooi doringboom soos 'n kameeldoringboom in die Kalahari? Nêrens kan jy so mooi sonsopkoms sien soos uit jou slaapsak in die veld nie. Waar anders as in die veld wil jy wees op 'n donkermaanaand as jy sterre wil kyk?

Saam met die reuk en prentjies is daar ook ander ervarings wat ons in ons hart

bêre sodat ons vir die nie-jagters kan vertel waarop hulle alles uitmis. Die naggeluide van die veld is een van die ervarings wat ons saam met ons dra. Die vriendskap in die kamp, die lekker vars lewer wat jy braai in die veld en vele ander is ervarings wat jy kan ervaar, maar nie kan oordra aan iemand anders nie. Hulle moet dit self ervaar voor hulle kan weet wat ons van vertel.

Die oomblik wat my jaar na jaar weer terug laat verlang veld toe is die oomblik wat God aan 'n jagter geskenk het. Sodra die bok in my visier is en ek weet dat ek die mag het om op 'n verantwoordelike manier die dier se lewe te neem, en dan die skoot te laat afgaan, is vir my 'n onvergeetlike oomblik. Die verantwoorde-

likheid wat saam met jag aan ons geskenk is, om te benut net dit wat ons kan gebruik, is 'n ongelooflike gawe en ervaring.

My kuiers in die veld en wat ek alles in die veld wil doen, is reeds haarfyn beplan. Ek weet waar ek die jaar gaan jag. Soos baie vorige jare is ek weer op pad Noord-Kaap toe. Ek het reeds bevestig dat ek kan jag wat ek graag wil jag. My kaliberkeuse vir elke jag is reeds op besluit. Ek is hard aan die oefen om seker te maak dat ek die regte skoot op die regte plek kan plaas. Kom ons as jagters gaan die seisoen uit met die wete dat jy in 'n oomblik vir jou 'n lewe se stories bymekaar kan maak. Gaan geniet elke oomblik in die veld! **S**



Dis tyd om jou digitale huishouding reg te ruk

!! Suid-Afrika is die land met die tweede hoogste aantal kuberaanvalle en het die derde hoogste aantal kubermisdade in die wêreld. !!

Die meeste van ons het verskeie aanlynrekeninge en gebruik dan ook dieselfde wagwoord vir elkeen omrede, kom ons erken dit maar, niemand honderde verskillende wagwoorde kan onthou nie. Maar as jy dié benadering in perspektief sit, is die vraag: Gebruik jy dieselfde sleutel om al die deure by jou huis mee oop te sluit? So hoekom doen jy dit aanlyn?

■ **Deur Johan Le Grange**
Senwes Digitale Inhoudspesialis

Netwerkindringers is mal daaroor wanneer jy dieselfde wagwoord vir al jou rekeninge gebruik, aangesien dit hul taak om toegang tot jou ander aanlynrekeninge en profiele te verkry, soveel vergemaklik. Soms met groot sukses. Suid-Afrika is die land met die tweede hoogste aantal kuberaanvalle en het die derde hoogste aantal kubermisdade ter wêreld. 'n Silwer- en bronsmedalje wat niemand graag wil hê nie.

So, wat moet ons doen om ons digitale huis in orde te kry?

Maak seker jy gebruik sterk wagwoorde
Mense dink niemand sal hul wagwoorde kan raai nie. Moenie sleutelbordpatrone gebruik nie - ook nie familie - of troeteldiername nie, stokperdjies of

enige natuurlike, ietwat voorspelbare wagwoorde nie. 'n Sterk wagwoord bestaan uit hoof- en kleinletters, simbole en spesiale karakters en is gewoonlik tussen ses en tien karakters lank. Byvoorbeeld: @6>h***TGYtj**.

Begin 'n wagwoordbestuurder

Met unieke wagwoorde vir al jou aanlynrekeninge, wat almal aan bogenoemde standaardte voldoen, sal dit onmoontlik wees om almal te onthou. Gebruik dus 'n wagwoordbestuurder of skep 'n veilige aanlynplek om dit te stoor. Die voordeel daarvan om hierdie oplossing te implementeer, is dat jy nie jou wagwoorde hoef te onthou nie - die sagteware doen dit vir jou. Jy moet net die een onthou wat jou toegang gee tot jou wagwoordbestuurder.

Maak skoon agter jou

Hoeveel keer het jy al 'n aanlynrekening geskep om 'n diens te beproef of om

gebruik te maak van 'n program se gratis toetsperiode? As jy nie meer sulke profiele gebruik nie, gaan terug na die webtuistes toe en verwyder jou profiel. Dit is dikwels sulke vergete rekeninge wat jou blootstel aan kubermisdad.

Stel 'n twee-faktor or multi-faktor bekrachtigingsfasiliteit op

Hierdie addisionele bekrachtigingsmetodes dien as addisionele sekuriteit vir jou en jou besigheid om te verseker dat jy die enigste persoon is wat toegang tot jou rekeninge kan verkry. Inskakeling kan binne minute problematies raak en jou privaatinligting, soos persoonlike en finansiële besonderhede, kan blootgestel word. **S**

Verwysings:

South African Banking Risk Information Centre (SABRIC)

PwC's Global Economic Crime and Fraud Survey for 2018

Meer Senwes Spinners Foto's - 13 jaar van die "Spel van Here"



Man van die wedstryd ontvangers van Saterdag en Sondag .



'n Spanbespreking is altyd nodig.

"Haai daar meneer kolwer!"



VEELS GELUK AAN SENWES MET JUL 110-JARIGE FEESVIERINGE

Mag julle in die toekoms verder van krag tot krag gaan.

Ons is trots daarop om meer as 50 jaar al met SENWES verbind te kon wees.



VOERMOL

Wat die natuur kort -
sal Voermol voorsien

50

Meer as 50 Jaar van Uitstaande Produkte & Diens

www.voermol.co.za

Registrasiehouer: Voermol Voere (Edms) Bpk., Posbus 13, Maidstone, 4380.

Vir meer inligting skakel 032 439 5599 of stuur 'n e-pos aan info@voermol.co.za



Ontwikkel potensiaal... oes uitnemendheid!

"Verbeel jouself dat jy 'n span op jou plaas het, wat almal ten volle betrokke is in en entoesiasies is oor hul werk; wat omgee vir die toekoms van die plaas en wat bereid is om die diskresionêre moeite te doen wat normale pligte oorskry en wat die sukses van die boerdery verseker."

■ **Deur Emmie Pietersen**
Direkteur Peritum Agri Institute

Bogenoemde is Seitjse definisie van werknemerbetrokkenheid. Betrokkenheid is nie dieselfde as tevredenheid nie. Iemand kan gelukkig en tevrede by die werk wees, maar dit beteken nie noodwendig dat hy/sy hard werk en produktief is namens die boerderybesigheid nie. Volgens Gallup, 'n wêreldkundige op die gebied van werknemerbetrokkenheid, is die meerderheid van werknemers wêreldwyd - 63% - "nie betrokke nie", wat beteken dat motivering ontbreek en dat hulle minder geneë is om diskresionêre moeite te belê in die besigheid se doelwitte en resultate. Slegs 10% van werknemers in Suid-Afrika is ten volle betrokke. 'n Ongelooflike 57% is nie betrokke nie en 33% is aktief onbetrokke.

Ten einde 'n optimale werksmag effektief te bestuur, moet 'n produsent na optimale betrokkenheid strew. Dit kan slegs gedoen word deur aandag te skenk aan produktiwiteit sowel as aan mense. Die wyse waarop daar aan die behoeftes van werknemers voldoen word, het 'n direkte invloed op hul prestasie. Deur slegs op produktiwiteit te fokus, kan tot 'n verlaging in werknemeruitsette lei. Deur aandag te skenk aan die behoeftes van werknemers beteken dat gefokus moet word op hul welstand as beide werknemers en individue. Beleefde en konsekwente behandeling, werksekuriteit, regverdige vergoeding

en veilige werksomstandighede is belangrik vir werknemers. Wanneer hierdie behoeftes geïgnoreer word, kan werknemerontevredenheid 'n negatiewe impak op produktiwiteit hê.

Die verband tussen werknemerproduktiwiteit en die winsgewendheid van die boerdery is direk en duidelik.

Of jy nou 'n boer is wat deurlopend poog om produksie te verbeter ten einde die langtermynvolhoubaarheid van die besigheid te verseker, of 'n boer wat op 'n plaas boer wat geleidelik agteruitgaan, en wat min belangstelling toon in die verhoging van ooste of om winste terug te ploeg in die onderneming... weet dat jou benadering en houding tot produktiwiteit werknemeruitsette sterk sal beïnvloed. Prestasie verbeter dikwels wanneer werknemers glo dat hulle 'n bydrae lewer tot 'n waardevolle produk en dat hulle deel is van 'n effektiewe en ambisieuse span.

Wat die produsent vermag

- deurlopende lewering van hoë kwaliteit werk op 'n tydige basis;
- moet ernstig wees oor hul verantwoordelikhede
- demonstreer belangstelling in die welstand van die plaasbedrywighe, die diere en mede-werknemers; en
- verteenwoordig die boerdery op 'n positiewe wyse in die gemeenskap

Wat die span benodig

- respek vir hul gevoelens en opinies;
- erkenning vir goeie werk;
- billike werksvoorwaardes;
- konsekwente en beleefde behandeling deur bestuur;
- 'n werksomgewing waarin hulle hul potensiaal oor tyd kan ontwikkel (in terme van vaardighede en verdienste)

Die bou van 'n klein maar effektiewe span is in jou hande.

Bekwame, passievolle en effektiewe leierskap is krities vir werknemerbetrokkenheid. Hier volg 'n paar gedagtes oor hoe om te verseker dat alle spanlede ten volle betrokke is en entoesiasies is oor hul werk, omgee oor die toekoms van die plaas en bereid is om ekstra moeite te doen, meer as wat hul pligte behels, om te verseker dat die boerdery suksesvol is:

- Moedig werknemers aan om te praat oor probleme
- Wees 'n mentor vir jou werknemers
- Beloon op 'n konsekwente wyse, slegs volgens verdienste
- Moedig 'n "ons" benadering aan in alles wat jy doen
- Bevorder 'n gesonde lewenswyse op 'n aktiewe wyse
- Werf personeel volgens hul houding en leer hulle die werk
- Skep geleenthede om saam pret te hê
- Vra werknemers oor hul drome vir die plaas
- Spel verwagtinge duidelik uit
- Stel doelwitte gesamentlik, as 'n span
- Allokeer maandeliks tyd vir persoonlike/spanontwikkeling
- Vier suksesse met jou span - op groot en klein skaal.

TOER VERANDER LEERDERS SE PERSPEKTIEF OOR DIE LANDBOUBEDRYF

■ Deur Senwes Scenario Span

Curro Hoërskool in Klerksdorp besoek die grootste silo in die Suidelike Halfrond

Die landbousektor is in die verlede deur skoliere vermy en gekategoriseer as een van die minder belangrike loopbane om te oorweeg. Maar dit gaan binnekort verander!

Die Curro Klerksdorp Hoërskool se graad 10 en 11 verbruikerstudiegroep het Wesselsbron Silo besoek, wat die grootste silo in die Suidelike Halfrond is. Projekbestuurder by die silo, Lodrick Barnard, het afgeskop met 'n verstommende feit: "Hierdie silo kan tot 280 000 ton graan opberg". Hy het hulle alles vertel van graanopberging, vanaf die skoonmaak en aflaai van graan, waarvan sowat 7 000 ton per dag ingeneem word, tot die graderingsproses, insekte wat die graan affekteer en gifstowwe wat hulle vernietig.

Die groep het ook die Greenpak verwerkingsaanleg besoek, waar wortels skoongemaak, gegraadeer en verpak word vir verspreiding aan alle Woolworths Foods-takke. Die fasiliteit is 30 kilometer vanaf die Greenpak plaas in Bothaville geleë, en word besit deur Senwes direkteur Nico Liebenberg - die totale 600 hektaar grond word gebruik vir die plant van wortels, pampoene en botterskorsies.

Die departementshoof van Verbruikerstudies by Curro High School, Karen Kade, het gesê: "Dit is belangrik vir jong leerders om belang te stel in boerdery, aangesien dit die middelpunt is van waar ons voedsel geproduseer

word". Fabrieksbestuurder, Elize du Preez, het aangedui dat Greenpak die alleenverspreider van wortels aan alle Woolworths takke in Suid-Afrika is.

Dit was duidelik dat die landbousektor baie meer as net boerdery is - dit gaan daaroor om die ekonomie te laat groei, om voedsel aan die wêreld te verskaf en die grond waarin ons voedsel groei, te bewaar.

Selfs besigheidslui se perspektiewe word verander

Die Wesselsbron silo en die Hinterlandtak op die dorp het onlangs ook gasheer gespeel vir 'n geselskap van Nedbank. Senior silobestuurder, Lodrick Barnard het die geselskap op 'n interessante toer deur die silokompleks geneem en is bygestaan deur silobestuurder Johan Rheeder. Een besoeker, Salim Kadoo, was verstom oor wat alles agter die skerms gebeur rakende graanhantering by 'n silo. "Dit was my heel eerste keer wat ek 'n silo besoek het. Van buite sien jy net die buise en weet stadsjapies soos ek nie van die infrastruktuur binne nie." Barnard het genoem dat hierdie besoekers, en veral buitelandse besoekers, baie beïndruk is met die silokompleks, met Rheeder wat beaam het dat besoeke ten doel het om die werksaamhede en die interessantheid aan hulle oor te dra - soos dat die heel eerste deel van die Wesselsbron silo reeds 53 jaar gelede in 1966 geopen is. Hinterland takbestuurder, Johnny Bezuidenhout het die groep ook ingelig rakende die tak en landboubesigheid op die dorp. Hierdie toer het deel uitgemaak van besoeke deur besigheidslui, skole en ander instansies. **S**



Die Curro Klerksdorp Hoërskool graad 10 and 11 verbruikerstudiegroep het 'n toer na die Senwes Grainlink Wesselsbron Silo geneem.



Nedbank se besoek aan die Senwes Grainlink Wesselsbron Silo! Hier Lodrick Barnard (Senior Silobestuurder by Senwes Grainlink silo in Wesselsbron), Wikus Grobler (Senwes: Groepbestuurder - Finansies en Tesourie), Corné Kruger (Senwes: Groep Hoof Finansiële Beampte), John Hudson (Nedbank: Nasionale Hoof - Landbou), Salim Kadoo (Nedbank: Provinsiale Algemene Bestuurder), Tabitha Strydom (Senwes: Groep Tesourie) en Herman De Kock (Nedbank: Uitvoerende Hoof - Verkope en Dienste).

Senwes ondersteun plaaslike besigheid



Na die behoefte vir 'n goeie verskeidenheid koffieskeppings deur Senwes hoofkantoor personeel uitgespreek is, het die maatskappy sy werknemers op Maandag, 11 Februarie 2019 verras, deur plaaslike Klerksdorp Brüder Coffee Roastery toe te laat om 'n koffiestasie in die ontvangsarea in te rig.

■ **Deur Marlon Abrahams**
Senwes Scenario Hoofredakteur

Senwes Eiendomsbestuurder, Johan le Roux, sê dat hy beïndruk was met Brüder. “Ons het verskeie verskaffers genooi vir voorleggings, maar uiteindelik was dit Brüder se passie wat ons oortuig het om hulle toe te laat om hul staal te wys vir 'n vier-weke proeftydperk.”

Die eienaars, Pieter en Maryke Schoonwinkel, bedryf die

koffiestasie, saam met hul betroubare mede-barista Tsela Ramofolo, of Folo soos hulle hom noem.

Die Schoonwinkels is Klerksdorp inwoners en die Brüder handelsmerk is hul eie. “Ons is vir die afgelope jaar al in besigheid en die Senwes koffiestasie is ons eerste werklike koffiestasie. Tot nou toe het ons ons eie koffie gerooster en plaaslike ondernemings voorsien,” sê Pieter.

Die goeie nuus is dat die vier-weke proeftydperk suksesvol was en dat die Brüder Coffee Roastery se stasie vir minstens die



Die Brüderspan: Pieter, Folo en Maryke.



volgende 12 maande beskikbaar gaan wees vir hoofkantoor personeel en gaste.

Senwes personeel en besoekers kan seker wees dat die beste koffiemengsels en barista-kuns tot hul beskikking gaan wees. "Folo, ek en Maryke sal voortdurend poog om ons vaardighede uit te brei en te verbeter deur ook deel te neem aan die Suid-Afrikaanse Nasionale Barista Kampioenskappe later vanjaar. Brüder kry sy koffiebone van 'n Johannesburgse verskaffer wat uit Colombia, Kenia en Tanzanië invoer. Die geheim om die beste geur, aroma en smaak te kry, lê egter in die roosterproses," sê Pieter. Lees meer oor die Brüder Coffee Roastery en die storie daaragter by www.brudercoffee.co.za. Senwes is trots daarop om hierdie plaaslike besigheid te ondersteun.

*Vir meer oor die plaaslike koffiebedryf, lees die Senwes Scenario artikel aanlyn by hierdie QR-kode.





Peritum is a proud development partner to Senwes and wishes to congratulate Senwes on their 110th birthday!

We develop a Sustainable future in Agriculture through future-ready skills training



Contact us: 051 451 1120 | info@peritumagri.com | www.peritumagri.com



Klapper/Sjokolade/Koffiekoek

Resep deur: www.realfoodliz.com

Met Senwes wat in 2019 110 jaar vier, watter beter resep is daar as 'n koekresep, en met die fokus op Brüder Koffie-Roostery met Senwes wat plaaslike besighede op bladsy 60 ondersteun, het ons die twee gekombineer om die Klapper/Sjokolade/Koffiekoek vir julle te bring. Geniet!

Voorbereidingstyd: 20 minute

Baktyd: 35 minute

Bedien 4-6

Bestanddele

- Twee mediumgrootte glas mengbakke en een vierkantige glas bakpan (8"x8")
- Klapperolie om bakpan mee te smeer
- 4 eiers
- ½ koppie volvet klappermerk
- ¼ koppie klapperbotter
- ½ koppie filterkoffie of espresso, so sterk soos jy verkies
- ¼ koppie graad B esdoringstroop (maple syrup)

- 1 teelepel vanielje-ekstrak
- ½ koppie amandelkoekmeel
- ½ koppie + 1 eetlepel klapperkoekmeel
- ½ teelepel koeksoda
- Knippie sout
- 1 koppie donkersjokoladebrokkies
- ½ koppie onversoete klappervlokkies

Metode

1. Voorverhit oond tot 180° C.
2. Voeg eerste 6 bestanddele bymekaar (eiers, klappermelk, klapperbotter, koffie, esdoringstroop en vanielje) in 'n bak. Meng.

3. In 'n aparte mengbak, kombineer amandelkoekmeel, klapperkoekmeel, koeksoda en sout. Meng.
4. Voeg vloeistof bietjie-bietjie by droë bestanddele en roer mengsel tot glad. Voeg dan helfte van sjokoladebrokkies by mengsel en roer in.
5. Gooi mengsel in gesmeerde bakpan en maak glad met 'n roerspaan.
6. Gooi klappervlokkies en dan sjokoladebrokkies oor.
7. Bak vir 35 minute en laat afkoel.



110 JAAR!
BAIE GELUK AAN
SENWES.

2019/SENWES/A

Voorspoed met
u gewaardeerde
bydrae tot die
gemeenskap.



PANNAR®

Saam boer ons
vir die toekoms™

infoserve@pannar.co.za
www.pannar.com






1909 - 2019
110

WE WOULD LIKE TO THANK **SENWES**
FOR 110 YEARS OF RELIABLE SERVICE



RESTORE

the **balance** & increase **profit!**



Full range available on...
www.cooperses.com



COOPERS
environmental science



Or call us:
+27 11 979 4246

control ◀ balance ▶ protect

Grainfos Grainguard Reg. No. L4620 Act No. 36 of 1947 Namibian Reg. No. N-AR 0590 Active ingredient: Pirimiphos-methyl/(organophosphate) 500g/L CAUTION • Ultrakill Rat & Mouse Wax Blocks Professional Reg. No. L9739 Act 36 of 1947 Active ingredient: Flocoumafen 0.05 g/kg HARMFUL • Ultrakill Rat and Mouse Liquid Bait Reg. No. L9476 Act No. 36 of 1947 Namibian Reg. No. N-AR 1563 Active ingredient: Difenacoum 0.8g/kg HARMFUL • Quickphos Pellets Reg. No. L7500 Act No. 36 of 1947 Namibian Reg. No. N-AR0764 Active ingredient: Aluminium Phosphide 560 g/kg VERY TOXIC

REGISTRATION HOLDER: Starplex 83 CC Reg. No. 2004/015647/23 P. O. Box 14374, Bredell, 1623, SOUTH AFRICA • **EMERGENCY NUMBER:** +2782 446 8946

DISTRIBUTION BY: Coopers Environmental Science (Pty) Ltd

El Niño-jare

Wat het gebeur in die verlede?


Hierdie artikel is die derde in 'n reeks waar daar gekyk word na die agtergrond, ontstaan en ontwikkeling van ENSO (El Niño Southern Oscillation) gebeurtenisse. Die vorige uitgawe het gekyk na die spesifieke klassifikasie van ENSO in die vorm van 'n swak El Niño gebeurtenis.

■ **Deur Frans Dreyer**
Bestuurder: Senwes Graanmakelaars

En van die bevindinge in die vorige artikel was dat die geskiedenis wys dat reënval tydens swak El Niño jare selfs bo-gemiddeld kan wees tydens die plantvenster vanaf September tot Desember, maar daarna verander dit na onder-gemiddelde kumulatiewe reënval vanaf Januarie tot Maart tydens die tradisionele midsom-erdroogtetypperk. Reënval tot einde Februarie het egter net weer die uniekheid van elke produksieseisoen bevestig.

Figuur 1 wys tans effektief die teenoorgestelde tendens in reënval tot einde Februarie 2019 met onder-gemiddelde reën wat gerealiseer het tydens die voorseisoen. Hierdie realisasie kan egter wel beteken dat die intensiteit van die bestaande swak El Niño verskynsel groter is as wat aanvanklik verwag is. Dit sal dus sinvol wees om in hierdie uitgawe spesifiek te kyk na die historiese impak van 'n sterker El Niño seisoen op reënval en gepaardgaande opbrengs.

'n Sterk tot baie sterk El Niño gebeur-



Figuur 1: 'n Vergelyking tussen die 2017/18 en 2018/19, asook die langtermynreënval vir die Senwes-gebied.
Bron: Thys Grobbelaar


tenis word geïdentifiseer wanneer see-oppevlaktemperatuur bo-normaal warm is, maar spesifiek bo 'n sekere grade Celsius band. See-oppevlaktemperatuur word as 'n norm uitgedruk deur middel van maandelikse Oceanic Niño Indeks (ONI)-waardes. Elke maandelikse ONI-waarde is die 3-maande gemiddeld van die see-oppevlaktemperatuur in die Niño

3.4 gebied. Hierdie klassifikasie is oor tyd onderverdeel om die verwagte intensiteit van 'n El Niño of La Niña verskynsel aan te dui. Die verdeling word gemaak in 0.5° Celsius intervale en 'n sterk tot baie sterk El Niño word toegeken as see-oppevlaktemperatuur 1.5° Celsius warmer as normaal is. Hierdie klassifikasie maak dit moontlik om vorige seisoene beter in te

Tabel 1: El Niño en La Niña jare klassifisering

El Niño				La Niña		
Weak (0.5 to 1°C)	Moderate (1 to 1.5°C)	Strong (1.5 to 2°C)	Very Strong (>2°C)	Weak (-0.5 to -1°C)	Moderate (-1 to -1.5°C)	Strong (<-1.5°C)
1952-1953	1951-1952	1957-1958	1982-1983	1954-1955	1955-1956	1973-1974
1953-1954	1963-1964	1965-1966	1997-1998	1964-1965	1970-1971	1975-1976
1958-1959	1968-1969	1972-1973	2015-2016	1971-1972	1995-1996	1988-1989
1969-1970	1986-1987	1987-1988		1974-1975	2011-2012	1998-1999
1976-1977	1994-1995	1991-1992		1983-1984		1999-2000
1977-1978	2002-2003			1984-1985		2007-2008
1979-1980	2009-2010			2000-2001		2010-2011
2004-2005				2005-2006		
2014-2015				2008-2009		
				2016-2017		
				2017-2018		

Bron: GG Weather



Figuur 2: Kumulatiewe reënval vir die verskillende sterk El Niño jare sedert 1950 vir die westelike produksiegebied.

Bron: Thys Grobbelaar

deel volgens die tipe seisoen wat ervaar is, soos opgesom in **Tabel 1**.

Indien daar oor die lang termyn gekyk word na El Niño en La Niña verskynsels, word die werklike impak daarvan op opbrengsverwachting duidelik. Die afwyking van die 5-jaar rollende gemiddelde opbrengs was in **Figuur 2** van die artikel in die vorige uitgawe vervat. Visueel word dit duidelik dat nie alle El Niño jare in die verband noodwendig gekoppel kan word aan onder-gemiddelde opbrengs nie, maar wel dat die jare wat die grootste onder-gemiddelde opbrengsafwyking getoon het, die sterk tot baie sterk El Niño jare was. Die afwyking tydens sterk en baie sterk El Niño jare was gemiddeld sowat 30% laer as die 5-jaar rollende

gemiddelde opbrengs. Die enigste uitsondering waar 'n seisoen wat nie 'n El Niño seisoen was nie, 'n groot onder-gemiddelde afwyking getoon het, was die 1983/84 produksieseisoen toe die tropiese storm Domoina vloede oor die oostelike produksiegebied veroorsaak het en vog oor die sentrale en westelike produksiegebied uitgetrek het. Die oostelike produksiegebied het effektief versuip terwyl die weste verdroog het in 'n jaar wat geklassifiseer was as 'n swak La Niña jaar. Daar is wel nie hierdie seisoen werklike tropiese sikloonaktiwiteit nie, maar die impak van 'n sterk tot baie sterk El Niño is beslis groot op die opbrengspotensiaal van die sentrale en westelike produksiegebied. Dit blyk ook dat die negatiewe impak op

opbrengs vir die weste met tyd al hoe groter geword het.

Die onder-gemiddelde opbrengsafwyking vir die westelike produksiegebied tydens sterk El Niño jare kan verder tot 'n groot mate gekoppel word aan die onder-gemiddelde reënval wat realiseer tydens hierdie seisoene. Figuur 3 tref die vergelyking en die uitsonderings is duidelik weer teenwoordig in die vorm van die 1957/58 en 1987/88 produksiejare, maar reënval is oor die algemeen onder-gemiddeld tydens hierdie seisoene. Dit moet egter wel uitgelig word dat dit belangrik is om die beskikbare grondvog in ag te neem wanneer 'n El Niño seisoen binnegegaan word. Indien die voorafgaande seisoen goeie bo-gemiddelde reënval opgelewer het, behoort die impak van onder-gemiddelde reënval op opbrengs tydens 'n El Niño seisoen kleiner te wees.

Om saam te vat: die 2018/19 voorseisoen kumulatiewe reënval was laer as die gemiddeld, wat verskil van die geskiedkundige realisasie tydens swak El Niño seisoene. Reënval het egter wel toegeneem tydens Februarie 2019, maar die risiko bestaan dat die seisoen steeds die onder-gemiddelde reënval tydens die midsomertydperk vir swak El Niño seisoene kan realiseer. Hierdie artikel het egter die impak van 'n sterk tot baie sterk El Niño seisoen op reënval en produksie uitgelig. Die inligting hierin vervat is gebaseer op werklike historiese realisasie van weersverskynsels en getoetste modelle oor tyd. Dit is duidelik dat die waarskynlikheid van onder-gemiddelde reënval en opbrengs tydens hierdie seisoene baie groter is as die norm. Dit het ook na afloop van die meer onlangse El Niño gebeurtenisse duidelik geword dat die negatiewe impak op opbrengs groter is vir die westelike produksiegebied. Seisoene bly nietemin uniek en die ontwikkeling van die bestaande seisoen is geen uitsondering nie. Elke produsent sal dus sy eie risiko moet bepaal en seker maak dat beskikbare grondvog voldoende is voor 'n aanplantingsbesluit geneem word. **S**



Thobo Trust loods groentetuinprojek by Itokisetseng skool

Thobo Trust, die Senwes Groep se BBSEB en sosio-ekonomiese vennoot, het aan 'n skoolgroentetuinprojek begin werk op 23 Oktober 2018.

■ **Deur Kefiloe Manthata**
Senwes Joernalis

Nou, vyf maande later, word die projek op 14 Maart 2019 by Itokisetseng Combined School, naby die Senwes Losdoorns silo, geloods. Senwes direkteur, Thabo van Zyl, en sy vrou Ninette was instrumenteel daarin om die projek van die grond af te kry en het hulp verleen in terme van arbeid en advies ten einde te verseker dat die aanplant van die groente en die uiteindelijke oes daarvan, sonder probleme sou verloop. Deur 'n sterk vennootskap tussen Senwes,

Syngenta, Omnia, Senwes Grainlink, Senwes Equipment en Itokisetseng Combined School is groente op sowat 1,4 hektaar op die skoolgronde in Losdoorns in die Vrystaat geplant.

Tydens die eerste aanplantingsfase, wat eintlik 'n toetsfase was, is slegs kool geplant ten einde die vrugbaarheid van die grond te toets. Nadat donasies ontvang is vir die verskaffing van skadunet om die groente teen die erge Vrystaatse son te beskerm, is die aanplantingsfase voltooi. Die goeie nuus is dat die eerste fase 'n reuse sukses was en dat die groente floreer.



Itokisetseng-leerders by die bekendstelling van die tuinbouprojek.

Die projek was nie sonder uitdagings nie. Volgens Senwes se skakelbeampste in die Regsaafdeling, Mandla Zwane, wat die koördineerder van die projek is, het die uitsonderlike hoë temperature en droë toestande meegebring dat boorgate gesink moes word om voldoende watervoorsiening vir die kool te verseker. Lede van die skool se beheerraad het ook 'n integrale deel van die proses geword en almal het gehelp waar hulle kon. Die kinders van Itokisetseng sal die uiteindelijke begunstigdes van die projek wees, maar die langtermynplan is om genoeg groente te produseer om aan plaaslike markte te verkoop en sodoende fondse vir die skool te genereer en om van die produk te gebruik vir die skool se voedingskema.

Thobo Trust hoop om ook die skool se vroeë kinderontwikkelingsentrum in 2019 uit te brei. Die trust se langtermynstrategie is om dié model by ander skole in die gebied te dupliseer. **S**

Die mans wat gewerk het om die tuin van die grond af te kry, hier gesien met 'n lid van die skoolbeheerliggaam.



Leerders luister aandagtig na die raadslid Thabo van Zyl.

Hinterland

Herontdek dít wat saak maak



KONTAK JOU NAASTE TAK
OF BESOEK ONS BY
www.hinterland.co.za

AFGR1
Town&Country

Senwes
Village

Hinterland

AFGR1 Town&Country or Senwes Village is handelsmerke van Hinterland.
AFGR1 Town&Country and Senwes Village are trademarks of Hinterland.



Graanmarkvooruitsigte: Herfs 2019


Die plantseisoen was met die skryf van hierdie artikel volledig agter die rug. Die risiko-produksiefase is dus betree, waar gesaaides jonk is, pes- en onkruidvry gehou moet word en genoeg reën moet kry om volle produksiepotensiaal te bereik. Sodra bestuiwing suksesvol afgehandel is en die plante fisiologies ryp is, verskuif die fokus na strooptyd.

Artikel geskryf: 5 Maart 2019

■ **Deur Hansie Swanepoel**
Senwes Markanalise

Tradisioneel is herfs 'n tyd wanneer daar meer sekerheid oor die grootte van produksie kom – bestuiwing is klaar en plante maak reeds koppe vol. Die einde van herfs word gewoonlik gekenmerk deur die eerste stropers wat reeds in die lande gesien kan word en boere wat praat oor die potensiaal van die komende stroopseisoen. Hierdie jaar (2018/2019 produksiejaar), met aanplantings wat baie laat is, kan egter een wees waar hierdie gesprekke aangeskuif word.

Die aanplantings is hierdie seisoen heelwat later as normaal. Soos in **Grafiek 1** gesien kan word, is die meerderheid van aanplantings in die Senwes gebied tussen 22 Desember 2018 en 15 Januarie 2019 gedoen.



Grafiek 1: Plantdatums in Senwes-gebied.

Hierdie laat aanplantings sit nie net die opbrengs op risiko met minder hitte-een-


hede wat beskikbaar is nie, maar stel ook 'n groot deel van die oes bloot aan die risiko van vroeë ryp en vroeë koue. Indien die najaar nie goeie reën oplewer nie, kan plante stres ervaar in 'n kritieke tyd van die plant se lewensiklus. Senwes het in meer as een oesopname tydens planttyd en na opkoms sekere bevindings gemaak, in terme waarvan die oes se risiko as volg gekwantifiseer kan word:

	%
Lae risiko	19%
Medium risiko	61%
Hoë risiko	20%

Die persentasies in voorafgaande tabel is hoofsaaklik die hektare in die Wes-Vrystaat en Noordwes wat waargeneem is.

Daar word vir 'n medium groeier mielie sowat 1460 hitte-eenhede benodig en vir 'n kort groeier 1320 hitte-eenhede. Indien daar op die Accuweather se langtermyn-vooruitskouing gekyk word na die beskikbare hitte-eenhede, is daar slegs sowat 1275 hitte-eenhede beskikbaar tot einde April 2019. Daar is dus 'n wesenlike risiko dat plante nie volle opbrengspotensiaal gaan lewer nie.

Die gemiddelde intreedatums vir ryp word in **Kaart 1** onderaan aangedui.



Kaart 1. Die gemiddelde intreedatums vir ryp.



Die NOK het in hul Februarie somer-oesskatting die plaaslike mielie-oes op 10.51 m ton geskat. Indien daar enige van die risikofaktore (koue, ryp, droë weer) realiseer, kan die plaaslike oes kleiner raak. Indien daar op die 10,51 m ton oes gewerk word, word geen verdere invoere van mielies benodig nie. Pryse gaan egter sodanig hoog moet bly om verbruik ietwat in te perk, om te verseker dat daar genoeg oordragvoorraad is om aan pyplyn-behoefes te voldoen.

Sou die oes egter kleiner as 10,5 m ton realiseer, gaan invoere van geelmielies wel moet gebeur. Die eerste punt waar geelmielies ingevoer word, is in die Wes-Kaap, daarna Port Elizabeth en laastens deur Durban hawe na Pietermaritzburg. Die behoefte vir elkeen van hierdie punte word in die **Kaart 2** langsaan aangedui.

Dit is dus duidelik uit kaart 2 dat, indien 'n kleiner oes sou realiseer, daar eers teen Wes-Kaap geelmielie-invoerpariteit verhandel sal word, waarna pryse stelsmatig na Pietermaritzburg geelmielie-invoerpariteit sal beweeg. Vir 'n opdatering in die pariteitspryse, kan daar na Senwes se daaglikse markverslag verwys word.

OPSOMMEND

Die plaaslike mark is hierdie seisoen weereens daar waar die fokus op die ontwikkeling en prestasie van die plaas-



Kaart 2

like oes is. Indien die oes kleiner realiseer as wat met die skryf van die artikel die verwagting is, gaan invoere benodig word en pryse gaan rondom invoerpariteit bly verhandel. Dit is belangrik vir 'n produsent om te weet wat sy eie produksieverwag-

ting is en dienooreenkomstig die mark te gebruik om sy risiko te verskans, soos wat geleenthede opduik. Skakel gerus u Senwes verteenwoordiger of die span by Senwes Graanmakelaars, om u hiermee by te staan. **S**



STARKE AYRES®

Starke Ayres wish Senwes a very happy 110th birthday!
We wish you prosperity and even greater success in the coming years.



FOR GREEN GRASS IN WINTER

Overseed your Bermuda or Kikuyu lawn with Winter Green now!

Or, plant one of these
ALL YEAR
varieties



Once the lawn is established,
feed with Nutrifeed!

CUSTOMER SERVICES: 0860 782 753 • WWW.STARKEAYRES.CO.ZA • MEMBER OF THE PLENNEGY GROUP

SEEDS OF SUCCESS



Maak gereed, die winter is hier!

Dit is April en die tyd van die jaar om dooie plante uit te haal en om skoon te maak, tyd om blare te hark en om te sien hoe die groen stelsel, op sy tyd, plek maak vir die pragtige kleure van herfs - goud, bruin en rooi blaarkomberse in elke tuin en straat. Die oggende raak al koeler en die natuur herinner ons om reg te maak vir die winter wat kom.

■ Deur Johan (Dons) Jordaan
Bastion: Groep Bemakingsbestuurder

Dit is nou belangrik om te onthou dat tuinmaak nie nou moet stop gedurende die herfs en winter wat voorlê nie. Herfs is die tyd om jou tuin voor te berei vir die winter wat kom.

Bome en struik wat gevoelig is vir ryp kan met ryplap toege-
maak word om hulle te beskerm teen die eerste vroeë ryp wat
dikwels in groot dele van Suid-Afrika al middel-April voorkom.
Hiermee saam sal goeie deklaag onder struik en sensitiewe
bome ook help om die grond warmer te hou, asook om die vlak-
ker wortels te beskerm in die koue wintersnagte.

► 72



LAWN STAR®
POWER AT YOUR FINGERTIPS

Lawn Star congratulates Senwes on their
110th birthday.

E : info@lawnstar.co.za • Customer Care : 0860-529 678
For our latest innovations and full product range visit
www.lawnstar.co.za

Kos vir die siel

Jy's sterker as wat jy dink! Verál wanneer jy swak voel!



Milanie Vosloo

lewers in ons sluimer daar 'n vrees dat, wanneer die ergste met ons gebeur, ons dit nie sal kan hanteer nie ...

En so broei die "sê-nou's" in ons harte ... is ons onnodig bang vir dinge wat nooit sal gebeur nie en steel vrees ons lewensvreugde en vrede. Maar dan is daar ook dié kere wanneer die onverwagte wel oor jou lewenspad kom: Iemand naby aan jou stel jou teleur, 'n kosbare verhouding kom tot 'n einde, jy verloor jou werk, of nog erger, jy verloor 'n ledemaat of belangrike liggaamsfunksie ... of een van jou liefhê-mense word ernstig siek, beland in 'n ongeluk ... en sterf selfs.

Die waarheid is: As die ondenkbare wel in jou lewe gebeur het, kan jy maar weet: Jou Here weet daarvan, is op daardie tydstip bly jou en is gereed om Sy arms met deernis om jou te vou. En Hy sál aan jou genoeg genade vir elke stukkie van daardie pad gee.

Onthou ook: Jy sal nooit weet hoe sterk jy regtig is voordat dinge met jou gebeur nie. Eers dán sal jy besef hoeveel reserves, krag, moed, geloof en oorlewingsinstink daar in jou is. Ja, jy gaan met tye voel of jy heeltemal ten gronde gaan en nooit weer jou kop kan lig nie, maar wanneer jy 'n lewe van afhanklikheid leef, sál jy elke dag presies ontvang wat jy dáárdie dag nodig het.

Moenie toelaat dat vrees jou lewensvreugde wegneem nie. As die ergste met jou gebeur, sál jy sterk genoeg wees. Juis omdat die Gees jou sterk genoeg sal máák.

Ek wéét vandag dat daar niks met my kan gebeur wat U en ek nie saam kan hanteer nie. 

Wen met Senwes en Cum Uitgewers

Hoop wat kaalvoet loop is in Augustus 2016 uitgereik en is teen R179.95 op die rakke. Een gelukkige leser kan 'n kopie wen van *Hoop wat kaalvoet loop*, 101 dagstukke vol hoop en inspirasie wat jou siel sal verkwik. **SMS Senwes, Cum, jou naam, telefoonnommer en e-posadres na 31022 voor 31 Mei 2019.**

Standaard sms-tariewe geld en geen werknemers van Senwes mag deelneem nie. Vir die volledige kompetisieëls, besoek die webtuiste www.senwes.co.za.



◀ 71 | Maak gereed

Winter kan soms baie vaal wees, maar dit hoef nie die geval te wees in jou tuin nie. Plant nou al in die herfs jou wintersaailinge soos leuebakkies, gesiggies, viooltjies, alyssum, primulas, ridderspoor (delphiniums), angeliere (dianthus), foxgloves en petunias.

As jy 'n groentetuin het, is dit nou die tyd om jou uie, kool, broccoli en blomkool te plant.

Terwyl jy in jou wintertuin werk, moet jy nie vergeet van al die somerplante nie. Baie van hulle kan reeds in die herfs geplant word en dan reg wees om aan die begin van die lente uit te loop. Alhoewel daar sommige bolle is wat moet wag tot einde April, is daar bolle wat al so vroeg soos Maart in die grond gesit kan word. Tulpe is geneig om te vroeg uit te loop, daarom is dit beter om te wag tot Mei voor hulle geplant word. Digte en oorgroeide lelies, agapanthus, ensovoorts kan nou gedeel word en oorgeplant word in vars, gekomposteerde grond, asook die vestiging van bome, struike, rose en grasperke. Appelkoos- en perskebome moet eers na die winter gevestig word.

Rose wat in die herfs geplant word, kry die geleentheid om hulself tuis te maak in hulle nuwe omgewing en gee hulle 'n voorsprong in die lente. Siektes soos meeldou en swartvlek kom steeds voor en moet gereeld bespuit word.

Herfs is 'n ideale tyd om 'n komposhoop te begin of om jou huidige hoop aan te vul. Hierdie tyd van die jaar is daar gewoonlik baie dooie blare, plante en grassnysels. Dit is baie belangrik om nie besmette plantmateriaal en uitgetrekte onkruid in die komposhoop te gooi nie.

April is ook dan die laaste maand waarin jy jou tuin gaan bemes voor die winter. 'n Tipiese produk soos 2:3:2 word aanbeveel. Maak seker dat jy genoeg water gee na elke kunsmis-toediening. Dan raak dit ook nou tyd om jou watertoediening op jou grasperk te begin verminder. Daai staatmaker grassnyer moet nie nou net weggebêre word nie - vat hom in vir 'n goeie diens en maak seker hy is reg vir die nuwe seisoen.

Gedurende die herfs en winter kan daar moeite gedoen word om voëls na jou tuin toe te lok deur vir hulle kos uit te sit - die beskikbare kos is nou min. 

«Kynoch

Herdefinieer kunsmis met ons verbeterde grondoplossing™.»



Wortel

Organiese materiaal

Lug

Wortelhaar

Kleideeltjie

GRONDOPLOSSING

uppe marketing A1 7328/Rev2

By Kynoch glo ons deur verskillende roumateriale te kombineer, die grondoplossing sodanig bestuur kan word dat die plantbeskikbare voedingstowwe in die grondoplossing verhoog kan word juis wanneer dit die meeste saak maak.

Deur die grondoplossing te bestuur, kan die opname van voedingstowwe verbeter word wat verbeterde opbrengste, gehalte en winsgewendheid tot gevolg kan hê.

Kynoch – verbeterde doeltreffendheid deur innovasie.

011 317 2000 | info@kynoch.co.za | www.kynoch.co.za



Kynoch

Farmisco (Edms) Bpk. h/a Kynoch Kunsmis
Reg. nr. 2009/0092541/07

Kry jou plaastoerusting aanlyn

Gekoppelde toerusting, gekoppelde insigte en John Deere Connected Support™ – koppel jou aan jou winslyn.

John Deere Precision Ag-toerusting kan nou gefinansier word met 'n deposito van so laag as 0%, terugbetaalbaar oor 36 maande.*



JOHN DEERE
FINANCIAL

Finansiering gebou vir jou

*Bepalings en voorwaardes geld (beskikbaar by www.deere.com/sub-saharan/en).

Onderhewig aan kredietgoedkeuring en die finansieringsbank se bepalings en voorwaardes.

John Deere Financial word ondersteun deur Absa, 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer en geregistreerde kredietverskaffer. Reg Nr NCRCPP7.

www.deere.com/sub-saharan/en | africa@johndeere.com | Klientediens: 080 098 3821

Volg ons op  Facebook,  Twitter en  YouTube